# 2023 TIENDE EN OFFERGAWE GODSDIENSTIGE LESINGS

Geskryf deur Charlotte Ishkanian

VOORWOORD

Almal hou van stories, veral ware stories – stories van mense rondom die wêreld wat geluister het na God se stem en "ja" gesê het wanneer God gesê het, "Volg my." Dit mag 'n jong seun wees wat op God se oproep reageer (1 Sam. 3), of dit kan 'n ervare profeet wees wat deur God geroep word met 'n visioen en 'n vraag: "Wie sal Ek stuur, en wie sal vir Ons gaan?" Die profeet Jesaja het verstaan dat God hom vir 'n moeilike taak geroep het, en hy het gewillig geantwoord: "Hier is ek! Stuur my." God het gereageer met kragtige woorde: "Gaan sê" (Jes. 6:8, 9). Ons kan ook God se stem antwoord en op Hom reageer.

Terwyl u na die stories van mense rondom die wêreld luister wat hulle eie persoonlike getuienisse gedeel het, bid dat God u hart sal oopmaak om die boodskap te hoor wat God u gee. Elkeen van hierdie stories het een ding in gemeen: Die mense het God se oproep gehoor om Hom te volg, hulle het gehoorsaam en was geseën. Op dieselfde manier roep God elkeen van ons om na Sy oproep te luister, in Sy voetspore te volg, en andere te lei om dieselfde te doen.

Soos wat u hierdie stories hoor, sien in u gedagtes die toneel. Luister na God se stem soos wat die storie ontvou. Vra uself, *Hoor ek God se oproepe in my lewe? Is ek gewillig om vorentoe te tree en die woorde te spreek wat Hy in my hart geplaas het? Is ek gewillig om my tyd, my aardse besittings te gee soos wat Hy my beveel het?* God se oproep is nie slegs van toepassing op om ons geloof te deel nie. Dit sluit ook in die terugbring van ons tiendes en gee van ons belofte offergawes aan Hom, nie omdat Hy ons gawes nodig het nie, maar omdat Hy ons gehoorsaamheid en ons geloof bo enigiets anders nodig het.

Watter vreugde kan ons harte vul wanneer ons verstaan dat God vir ons sal voorsien en vir ons behoeftes! Indien u twyfel, vra iemand wat 'n gereelde belofte offergawe gee. Luister na hulle getuienis van hoe God hulle gesin op baie onverwagte maniere geseën het. Vra God om u te wys hoe Hy in u behoeftes kan voorsien ver bo wat u ingestem het om vir Hom terug te gee. U sal heelwaarskynlik leer dat God baie meer as ooit voorsien vir u en u gesin. Hy sal u oorvloedig seën soos wat u geloof groei en u hart gee.

https://am.adventistmission.org/mission-offering

**Inhoudsopgawe**

Inleiding
Januarie
7 God se Rivier van Lewe
14 Brasilië: Sending op die Rivier
21 Bangladesj: Dien Jesus Met Blydskap
28 Albanië: Sending Het Ons Verander

Februarie
4 Ciprus: Maak 'n Skoenpoleerder 'n Vriend
11 Kroasië: Twee Groot Liefdes
18 Kambodja: Motorfiets vir Jesus
25 Georgië: Die Klein Sendeling

Maart
4 Ethiopië: Leer Jesus Ken
11 Filippyne: Stryders vir Jesus
18 Portugal: Bokke Maak Vriende
25 Brasilië: Die Bure Het Opgelet

April
1 Timor-Leste: 'n Nuwe Sendingveld
8 Hope Kanaal: Cipriano se Tweede Kans
15 Timor-Leste: Bino se Nuwe Skool
22 Argentinië: Tot aan die Einde van die Wêreld
29 Trinidad: Maak 'n Tandarts 'n Dissipel

Mei
6 Malawi: Maak die Regte Keuses
13 ADRA Rol Hul Moue op
20 Papoea-Nieu-Guinee: Dorkas
27 Denemarke: "Happy Hand" Winkel

Junie
3 Sri Lanka: Bandara, Geslaan vir Sy Geloof
10 Korea: Die Uitnodiging
17 Ethiopië: Die Gesin wat Ek Gevind Het
24 Zimbabwe: Drie Koeie en 'n Bul vir die Here

Julie

| | |
|---|---|
| 1 | Peru: Die Man met die Koddige Pet |
| 8 | Wêreldbegroting: Waarheen Gaan die Offergawes? |
| 15 | Mikronesië: Volg God se Leiding |
| 22 | Indonesië: Geestelike Lig vir die Blindes |
| 29 | Rusland: Masha se Nuwe Skool |

Augustus

| | |
|---|---|
| 5 | V.S.A.: Hoop vir Voormalige Oortreders |
| 12 | Ongenoemde Land: God se Talentvertoning |
| 19 | Laos: 100 Woorde 'n Dag |
| 26 | Angola: Die Blinde Seun Sien Jesus |

September

| | |
|---|---|
| 2 | Brasilië: Die Verjaarsdag Sop |
| 9 | Ongewone Geleentheid: Wanneer God 'n Deur Oopmaak |
| 16 | Ethiopië: Aanbid in 'n Skeepshouer |
| 23 | Indonesië: Die Sabbatonderhoudende Hond |
| 30 | Brasilië: Die Drywende Kerk |

Oktober

| | |
|---|---|
| 7 | Kenia: Bereik die Samburu Mense |
| 14 | Chad: Seekoeie, Mango's en Sendelingkinders |
| 21 | Chili: Sebastian se Doel vir God |
| 28 | Israel: Geen Mens Het Dit Gedoen Nie! |

November

| | |
|---|---|
| 4 | Kanada: 'n Visie van Hoop (Blinde Gemeente) |
| 11 | Wat Sou U Opoffer? |
| 18 | V.S.A. - Alaska: God se Geskenk van Lig |
| 25 | Ongenoemde Land: Satan Kon Haar Nie Aanraak Nie |

Desember

| | |
|---|---|
| 2 | Belize: Die Klein Predikers |
| 9 | Filippyne: Die Buffel en die Bybelwerker |
| 16 | Ongenoemde Land: Breek die Vloek |
| 23 | Burundi: Beste Vriende |
| 30 | Ongenoemde Land: Geen Tyd vir Speelgoed Nie |

**Sabbat 1**
**7 Januarie 2023**

## God se Rivier van Lewe

Het u al ooit gewonder wat gebeur met u *Belofte* offergawes? Dink aan offergawes as ‘n noodsaaklike rivier wat deur die hele wêreld vloei en lewegewende ondersteuning gee om God se werk in elke sendingveld, plaaslike, streeksgewys, en internasionaal op te bou.

Presies waar gaan ons offergawes egter heen? Wat kry hulle reg? En wat ondersteun hulle?

Indien u *Belofte* offergawes verdeel word soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergaweplan, dan ondersteun 50 tot 60% die sendingwerk in u plaaslike kerk, 20 tot 30% ondersteun streek sendingpogings van u konferensie, en 20% ondersteun altyd die Wêreld Sendingfonds (of Wêreld-begroting) wat, onder andere, voorsien vir 400 sendelinggesinne rondom die wêreld plus ongeveer 1,600 Wêreld Sending Baanbrekers.

Dit is ook uit die Wêreld Sendingfonds wat ons sendingoffergawes verdeel word onder die 13 wêrelddivisies plus die Midde-Ooste Noord-Afrika Uniesending, die Sjinese Uniesending, die Ukraïne Uniekonferensie, en die Israel Veld (wat gekoppelde velde aan die Wêreldkonferensie is) om hierdie streke te help om sendingaktiwiteite te bou en te onderhou in hulle gebiede. Ander dele van die Wêreld Sendingfonds help verskeie kerkinstansies wat die wêreldkerk bedien. Byvoorbeeld, hierdie fondse help om die mediese sending-werk van Loma Linda Universiteit te finansier, die uitreiking van Adventiste Wêreld Radio en Hope Kanaal, en die mensliewende bediening van ADRA, die Adventiste Ontwikkeling en Noodleniging Agentskap.

In onlangse jare het miljoene mense van die mees uitdagenste gebiede van die wêreld verlossing in Jesus gevind en by die Sewendedag-Adventistekerk aangesluit. ‘n Onlangse studie stel voor dat elke 22 sekondes iemand ‘n Sewendedag-Adventis word, en elke vier uur word ‘n nuwe kerk gestig. Te danke aan u offergawes en die Wêreldsending fokus, was duisende nuwe gemeentes gestig in vorige onbereikte gebiede en onder nuwe mensegroepe. Nadat hierdie nuwe gelowiges egter gedoop is, hoe word hulle versorg? Deel van ons *Belofte* offergawes help om nuwe gelowiges dissipels te maak en leer hulle hoe om hulle nuwe geloof met andere in hulle omgewing te deel.

U rivier van *Belofte* offergawes help om sendingwerk te laat groei en te onderhou op ‘n regverdige manier, plaaslik, streeksgewys, en dwarsdeur die wêreld. Hou asseblief hierdie lewegewende rivier aan die vloei. Dankie vir u offergawes en vir u voortgesette gebede vir God se sendingwerk rondom die wêreld.

Elke Sabbat hierdie jaar, sal u kan sien of ‘n storie kan hoor van hoe God in ‘n ander streek werk. Luister noukeurig en bid vurig vir diegene wat in die velde werk wat ryp is vir die oes.

**Commented [BM1]:** THIS PHRASE IS NOT TRUE FOR MORE THAN 90% OF THE ADVENTIST POPULATION. MUST BE REMOVED.

**Sabbat 2**
**14 Januarie 2023**

## Brasilië: Sending op die Rivier

Vitoria is ‛n tienjarige meisie wat lief is om tyd saam met haar ouers en haar broer, Daniël, deur te bring. Vitoria het egter iets gedoen wat die meeste jong meisies nog nie gedoen het nie. Sy het ‛n klein groepie geplant wat elke week ontmoet vir die studering van die Bybel. Hierdie is egter nie ‛n gewone klein groepie nie.

Vitoria woon op ‛n sytak van die Amasone Rivier. Een dag in ‛n week klim sy in ‛n klein kano en roei op in die rivier. Met vaardigheid en vasberadenheid gaan sy na die huis van ‛n vriend en tel hom op om na die Bybelstudie te gaan.

Somtyds gaan haar broer saam om te help. Wanneer die kano vol is, gaan hulle na ‛n ander eiland en bind hulle kano aan ‛n boom vas. Hulle stap in die woud in en stap op gevalle stompe, en probeer om nie in die dik modder te val wat die woud se vloer oordek nie. Hulle bereik ‛n klein huisie wat op pale gebou is en oor die rivier uitkyk. Dit is die huis van ‛n ander vriend wat die kinders verwelkom en die Bybel studeer sodat hy dit ook kan bywoon.

Die jongmense begin met gebed. Hulle open hulle klein groepie se studiegids en lees die les. Na bespreking van die onderwerp van die les, sing die groep voordat hulle afsluit met gebed. Die kinders sê totsiens en keer terug na die kano om huistoe te gaan.

Vitoria gee ‛n eenvoudige rede waarom sy haar vriende van Jesus wil vertel: "Omdat ek saam met hulle in die hemel wil wees."

Drie van Vitoria se vriende was gedoop as gevolg van haar getuienis, en hulle nooi meer vriende na hulle weeklikse Bybellesse. Vitoria wag gretig vir die dag wat sy ook gedoop kan word.

Indien ‛n jong kind gewillig is om ‛n groot rivier te trotseer om haar geloof met haar vriende te deel, stel u voor wat ons kan doen om te help om die evangelie aan andere te verkondig. Al wat ons nodig het is geloof, moed, die Heilige Gees, en Bybelstudiegidse om ander aan Jesus voor te stel. Die gereelde en sistematiese offergawes, genoem *Belofte*, maak dit moontlik vir gelowiges, jonk en oud, om Bybelstudiegroepe uit te lei soos daardie in Suid-Amerika. Kom ons gee ons offergawes getrou sodat mense rondom die wêreld dit sal hê wat hulle nodig het om God se liefde met diegene om hulle te deel.

**Sabbat 3**
**21 Januarie 2023**

## Bangladesj: Dien Jesus Met Blydskap

Bangladesj is 'n land van 180 miljoen mense, maar minder as 23,000 is Adventiste. Dit is een Adventis vir elke 8,000 mense in Bangladesj. Die uitdaging om die mense van Bangladesj vir Jesus te bereik, lyk onmoontlik. Een Wêreld Sendingbaanbreker glo egter dat met God se hulp een persoon 'n verskil vir God kan maak.

Ajoy Khayang, 'n Wêreld Sendingbaanbreker in landelike Bangladesj, het vir verskeie jare met die dorpenaars in sy streek gewerk. Toe hy eers gekom het, het die mense styf vasgehou aan hulle tradisionele godsdienstige geloofsoortuigings, maar Ajoy het gebid dat die mense afstand sou doen van hulle afgode en rituele en van Jesus leer. God het die pad oopgemaak om Ajoy se gebede te beantwoord op 'n baie onverwagte manier.

Die dorpenaars het hulle drinkwater uit dieselfde rivier gekry waar hulle hulle klere gewas en gebad het. Dit was vir Ajoy dus geen verrassing nie toe die dorpenaars begin siek word met siektes soos diarree, malaria, en cholera. Met geen mediese dienste naby nie, het die dorpenaars desperaat geword om 'n geneesmiddel vir hulle simptome te kry.

Toe Ajoy gesien het hoe ernstig siek die dorpenaars was, het hy hulle bymekaar geroep in die kerk vir gebed elke dag vir 'n week. Teen die einde van die week kon Ajoy sien dat baie van die siekes besig was om te herstel. Hulle het ook die genesing gesien. As gevolg daarvan het baie gevra om Jesus te volg. Nou is die meeste van die dorpenaars Christene.

Die dorpenaars is arm en ongeletterd, maar het hoop om 'n beter lewe vir hulle kinders. Hulle wil 'n skool bou en 'n onderwyser vind om hulle kinders te leer om te lees en te skryf sodat hulle die Bybel kan studeer en 'n beter lewe kan hê. En hulle wil 'n put grawe sodat hulle veilige drinkwater kan hê.

Ajoy is dankbaar om deel te wees van God se Wêreld baanbrekerspan. Ons is deel van dieselfde span, want ons getroue belofte offergawes ondersteun die werk van Wêreld Sendingbaanbrekers in meer as 100 lande. Ons *Belofte* offergawes help om God se boodskap van liefde te verkondig aan mense wat nog nie vir Jesus ken nie.

Indien ons beloof om 'n bepaalde persentasie van ons inkomste gereeld te gee as ons *Belofte* offergawe, mag dit nie 'n groot offergawe verteenwoordig nie. Indien almal van ons egter dieselfde ding doen, sal 'n konstante vloei van hulpbronne gestuur word soos wat God ons seën, en dit sal die saad van die evangelie natmaak wat geplant word deur ons getroue sendelinge. God sal seën wat ons gee, sodat ons offergawes die boodskap van die liefde van Jesus wêreldwyd kan versprei.

**Sabbat 4**
**28 Januarie 2023**

## Albanië: Sending Het Ons Verander

Toe God vir Delmar en Nati en hulle driejarige dogter Clara geroep het om as sendelinge te dien in Albanië, het die paartjie opgewonde voorberei vir 'n nuwe avontuur saam met God. Hulle het geweet dat om in 'n vreemde land te woon, hulle gemaksone sou uitdaag. Dit het nie lank geneem om te leer van sommige van die uitdagings wat hulle sou ervaar terwyl hulle gewerk het om die evangelie aan Albanië te bring nie.

Vir jare het Albanië godsdiens verban. Selfs vandag is godsdiens nie 'n prioriteit vir die meeste mense nie. Daar is slegs 120 Adventiste in Albanië.

Die gesin was aangesê om in die stad Korcë [KOR-chuh] te dien. Hulle het groot planne gehad, maar ten spyte van hulle pogings, was daar min belangstelling in Bybelstudies. Delmar was mismoedig. Al hulle pogings was vrugteloos.

Toe het die gesin 'n oproep ontvang om 'n groot kerk in Brasilië te bedien. Die aanbod het volmaak gelyk, maar Nati was nie so seker nie. "Dink jy dat ons alles wat ons kon, hier gedoen het? Ek voel dat God hier vir ons werk het." Die paartjie het besluit om te bly en te bid dat God hulle sou gebruik.

Delmar en Nati het gesien dat daar baie kinders in hulle omgewing was. Miskien sou om met kinders te werk 'n goeie plan wees om te begin. Die paartjie het 'n vlugbalbaan voorberei en die kinders genooi om te kom speel. Die kinders het begin om na die kerk se erf te kom om te speel. Hulle het Delmar en Nati leer ken. Spoedig was die kerk se erf vol kinders! Hulle moes hulle net binne-in die kerk kry.

Angela, een van die kerklidmate, het haar vriend Fatjon [FAHT-ee-ohn] gebring om by die pret aan te sluit. Fatjon en Delmar het begin praat oor God, en hulle het begin om die Bybel saam te studeer. Delmar het Fatjon uitgenooi om deel van die jeuggroep te word. "Fantasties!" het Fatjon gesê. "Ek wil hierdie kinders help om hierdie gemeenskap te dien." Spoedig het hy met die kinders gehelp en die kinders was lief vir hom.

Fatjon het gehelp om die jeug bymekaar te bring en sommige het vrae oor God begin vra. Delmar was opgewonde om Fatjon te doop – sy eerste dopeling in Albanië!

Die kerk se jeuggroep het baie nuwe gesigte bygekry. Die kerk se Sentrum van Invloed groei.

Soos wat Delmar en Nati voortgaan om op die voorlinies van Albanië te dien, kan ons ook op die voorlinies van sending dien terwyl ons ons tiendes terugbring en ons *Belofte* offergawes getrou vir God en Sy werk gee.

**Sabbat 5**
**4 Februarie 2023**

## Ciprus: Maak ‛n Skoenpoleerder ‛n Vriend

Yulian het vinnig na ‛n besige hoek van die stad van Nicosia, Ciprus, gehaas waar hy sy skoenpoleer toerusting opgestel het. Hy het 10 jaar gelede van Bulgarye gekom op soek na werk. Sigarette en alkohol het egter die meeste van sy verdienste ingesluk. Toe hy sy werk verloor het, het sy gesin vir hom gesê om sy huis te verlaat. Alhoewel hy lang ure gewerk het as ‛n skoenpoleerder, kon hy skaars homself onderhou.

Eendag, het Filip, ‛n Wêreld Sendingbaanbreker ook van Bulgarye hom gegroet en gevra of hy hulp nodig gehad het. Yulian was verras. Dit was lekker om te hoor dat iemand in sy moedertaal, Bulgaars, praat en in hom belangstel. Yulian het aangebied om Filip se skoene te poleer.

Terwyl Yulian Filip se skoene blink gemaak het, het Filip hom vertel dat Jesus ons liefhet, maak nie saak wie ons is nie. Die noem van Jesus het Yulian se aandag getrek.

Die volgende dag het Filip teruggekom en gevra of Yulian enige hulp nodig gehad het. Filip het nie nodig gehad om sy skoene te poleer nie en die twee mans het dus vir ‛n rukkie gepraat en gekyk deur die boeke wat Filip gebring het. Filip het dikwels daar gestop en die Bybel vir Yulian gelees.

Filip se oë het met trane gevul toe hy sy nuwe vriend hoop vir ‛n beter lewe in Jesus aangebied het. Spoedig het Yulian sy lewe vir God gegee.

Yulian het vir jare gedrink en gerook, maar hy het besluit om alkohol en tabak op te gee. Sy gesin het hom by die huis terugverwelkom, en nou vertel Yulian vir almal wat wil luister van sy liefde vir God.

Filip, ‛n Wêreld Sendingbaanbreker, lei ‛n Bulgaarse Bybelstudie in Nicosia. Heelwat mense was gedoop deur Filip se werk, wat betekenisvol is vir ‛n land waar die Adventistekerk slegs ongeveer 100 lidmate het in ‛n stad van meer as een miljoen. Filip spandeer sy tyd om met mense te meng, vriende te maak en hulle aan Jesus voor te stel.

Elke getroue Christen bring elke betaaldag ‛n tiende van hul inkomste terug. God vra ons egter om ‛n gereelde offergawe te gee behalwe tiende, ‛n persentasie van ons inkomste, om God se werk rondom die wêreld te onder-steun. Ons gee in geloof, met die wete dat God in ons behoeftes sal voorsien ooreenkomstig Sy rykdom, *nie ons s’n* nie (Fil. 4:19). Laat God u hart uitdaag om te bepaal watter persentasie van u inkomste u *Belofte* offergawe sal wees, met die wete dat God sal sien dat daar in elke behoefte van u voorsien sal word, wanneer u Hom vertrou en gehoorsaam.

**Sabbat 6**
**11 Februarie 2023**

## Kroasië: Twee Groot Liefdes

Elfjarige Joshua het twee liefdes: God en sy viool. Reeds lank voordat hy skooltoe gegaan het, het Joshua geleer om die viool te bespeel.

By die skool het Joshua probeer om sy vriende van God te vertel, maar hulle het nie belanggestel nie. Toe Joshua uitgevind het dat 'n Vakansie Bybel-skool (VBS) gehou gaan word, het hy sy vriende uitgenooi om dit by te woon. Sommige het huiwerig gelyk, daarom het Joshua gesê, "Kom net! Dit is fantasties!"

Sommige van Joshua se vriende het die VBS bygewoon, en hulle het so baie daarvan gehou dat hulle weer wou gaan. Een meisie, Mela, was so beïndruk dat sy vir Joshua gesê het, "Dit is 'n wonderwerk! Daar is werklikwaar 'n God!" Joshua het vir Mela 'n Bybel gegee en nou woon Mela en haar moeder Joshua se kerk by. Mela het by Baanbrekers aangesluit, en haar moeder gaan na 'n vrouegroep by die kerk.

Eendag het Joshua gehoor dat sy ouers gepraat het oor 'n seun wat baie siek was met 'n breingewas, en sy gesin kon nie bekostig om vir die operasie te betaal wat hy nodig gehad het nie.

Joshua het vir 'n rukkie gedink, en toe gesê, "Ek weet! Ons kan 'n konsert hou en geld insamel om hierdie seun te help!"

"Goed," het sy moeder gesê "maar wie sal dit organiseer?"

"Ek sal!" Joshua het alles self georganiseer. Hy het vir sy vriende en onderwysers by die musiekskool van sy idee vertel, en 15 jong musikante het ingestem om aan die konsert deel te neem. Joshua het met sy predikant gepraat, wat die kerk oopgestel het vir die konsert.

Spoedig was plakkate wat die spesiale konsert geadverteer het, oral in die dorp opgesit, om mense uit te nooi om na hierdie spesiale fonds-insamelingsprogram te kom. Die konsert was gehou by die Sewendedag-Adventistekerk. Ongeveer 300 mense het na die konsert gekom, die meeste van hulle het nog nooit vantevore die binnekant van 'n Adventistekerk gesien nie.

Joshua en sy vriende was opgewonde om uit te vind dat hulle konsert 8,600 Kroasiese *kunas* (ongeveer V.S.A. $1,300) ingesamel het! Dit was meer as wat 'n gemiddelde persoon in Kroasië in 'n maand verdien! Joshua en sy vriende was bly dat hulle die siek seun en sy gesin kon help. Wie het geweet dat 'n seun en sy viool so 'n indruk vir God kon maak? Dink aan wat *u* kan doen om mense rondom u te help!

Om getrou aan God te gee deur middel van ons talente en ons *Belofte* offergawes, help sodat mense rondom die wêreld, naby en ver, God se boodskap van liefde kan hoor – sommige vir die eerste keer. Stel u voor hoe die hemel sal wees wanneer ons diegene ontmoet wie Jesus ontmoet het omdat ons uit liefde gegee het.

**Sabbat 7**
**18 Februarie 2023**

## Kambodja: Motorfiets vir Jesus

Seyha (SAY-HUH) woon in die stad Siem Reap, Kambodja. Die stad is wêreldwyd bekend vir sy antieke Boeddhistiese tempelkompleks genoem Angkor Wat. Toeriste kom van rondom die wêreld om die uitgestrekte antieke uitgebeitelde geboue te sien.

Seyha is ʽn toergids en is bekend vir sy eerlikheid en liefde vir Jesus. Seyha neem toeriste na die antieke terreine rondom die stad per motorfiets. Hierdie unieke reisavontuur gee Seyha geleenthede om sy geloof met sy kiënte te deel terwyl hy vir hulle die antieke geboue wys.

Deur sy besigheid, het Seyha mense van baie verskillende gelowe en wêreldsienings ontmoet. Hy wil getuig tot mense wat nog nooit ʽn kerk binnegegaan het nie. Sy manier om toere te reël het hom welbekend gemaak onder toergids maatskappye wat hom huur. Sy werkgewers weet dat hy nie drink of op Sabbatte werk nie.

"My gereelde kliënte weet dat ek ʽn Adventis is," sê Seyha. "Indien ʽn maatskappy my wil huur, maar wil hê dat ek op Sabbat moet werk, of my nie toelaat om my geloof te deel nie, sal ek nie die werk aanvaar nie, ongeag van hoeveel geld hulle aanbied."

Seyha se integriteit neem eerste plek in bo om geld te maak. Eendag het ʽn man Seyha se toerdiens bespreek. Die kliënt het voorheen ander toerdienste gebruik en het geweet dat die ander toergidse $25 gevra het om ʽn kamer te huur in ʽn sekere gastehuis. Toe die man egter vir Seyha gevra het hoeveel die kamer sou wees, het Seyha gesê $13. Verras het die man gesê, "Maar ek het altyd $25 betaal om hier te bly." Seyha het vir hom gesê dat die hotel slegs $13 vra en dit was teen sy beginsels om hom meer te vra.

"Waarom?" het die man gevra.

Seyha het eenvoudig geantwoord, "Omdat ek Jesus volg, en God sou nie bly wees indien ek iemand kul nie."

Later, het die kliënt ʽn boodskap na Seyha gestuur wat gesê het, "Dankie dat jy vir my gewys het wat dit beteken om ʽn ware volgeling van God te wees. Ek lees nou my Bybel as gevolg van jou getuienis."

God kan Seyha vertrou om ʽn sterk voorbeeld te wees van ʽn getroue volgeling van Jesus. Ons kan ook ʽn duidelike voorbeeld van God se liefde wees in elke aspek van ons lewe, insluitende om ons tiendes terug te bring en ʽn eerlike *Belofte* offergawe—ʽn persentasie van ons inkomste, bepaal tussen God en elkeen van ons. Vertrou God om in u behoeftes te voorsien, en Hy sal u oorvloediglik seën.

**Sabbat 8**
**25 Februarie 2023**

## Georgië: Die Klein Sendeling

Luka en sy ouers woon in Georgië, ‵n klein land wat eens deel was van die Sowjet Unie. Luka se vader is ‵n predikant, daarom het Luka opgegroei om Jesus lief te hê.

Eendag by die kerk het sy vader aangekondig dat hy spesiale byeen-komste gaan hou om mense aan Jesus voor te stel. Hy het almal aangemoedig om iemand na die byeenkomste te nooi. Luka het presies geweet wie hy na die byeenkomste sou nooi – sy kindertuin onderwyseres!

Luka was lief vir sy onderwyseres, Me. Keti. Hy wou hê dat sy moes leer om Jesus lief te hê net soos wat hy gedoen het. Die volgende skooldag het Luka vir Me. Keti na die byeenkomste uitgenooi en vir haar ‵n kaartjie gegee wat inligting bevat het oor die byeenkomste. Me. Keti het gesê dat sy sou probeer om by te woon.

Luka was opgewonde toe hy gesien het toe Me. Keti die eerste aand die kerk binnekom. Luka het haar verwelkom en aangebied om by haar te sit sodat sy nie alleen hoef te voel nie. Me. Keti het gereeld na die byeenkomste gekom. Sy het vir Luka en sy ouers gesê dat die boodskappe presies dit was wat sy nodig gehad het.

Naby die einde van die byeenkomste, het Me. Keti vir Luka se vader gesê dat sy wou hê dat Jesus in haar moes leef en het gevra hoe sy ‵n Adventis kan word. Luka was so bly dat die onderwyseres nou ook vir Jesus liefgehad het.

Me. Keti het die kinders se klas in die kerk besoek en uitgevind dat die kinders in Georgië geen Bybels of Sabbatskoolboekies in hulle eie taal gehad het om te lees nie. Dit het dit vir hulle moeilik gemaak om die stories te onthou wat die onderwyseres in die Sabbatskool vertel het. Toe het ‵n spesiale gedeelte van ons *Belofte* offergawe van kerklidmate rondom die wêreld die Adventiste in Georgië gehelp om Bybels te koop en die kinders se Sabbat-skoollesse in Luka se taal te druk. Nou kan die kinders in Luka se kerk in hulle eie taal hulle Bybels en hulle Sabbatskoolboekies lees.

Luka is bly om ‵n Bybel en Sabbatskoollesse te hê om hom te help om meer van God te leer. Hy deel hierdie lesse met sy vriende by die skool en nooi hulle om saam met hom kerktoe te kom om meer van God te leer. Hy is ook bly dat kerklidmate rondom die wêreld ‵n offergaweplan het – gee van tiendes en *Belofte* offergawes gereeld en sistematies – om lidmate en sendelinge in ander lande te help om mense van Jesus te vertel. Selfs kinders kan *Belowers* word, en weet dat dit nie saak maak nie watter persentasie van ons totale inkomste ons aan God toewy as ‵n *Belofte* offergawe, behalwe tiende, sal Hy ons seën.

**Commented [BM2]:** The name of the offering plan suggested and promoted by the GC is the Combined Offering Plan. As due to the space it would not be possible to explain it here, I tried to just give an rough idea about it.

**Sabbat 9**
**4 Maart 2023**

## Ethiopië: Leer Jesus Ken

Talessa het sy hele lewe lank in die ongelyke berge van Ethiopië gewoon. Die meeste van die land se 85 miljoen mense woon buitekant die stede, en oorleef op die voedsel wat hulle in die droë, stowwerige grond plant. Elke dag reis Talessa te voet baie kilometers om saam met sy bure en kerklidmate te ontmoet. Hy praat hulle taal; hy ken hulle probleme; hy word vertrou deur diegene rondom hom. Talessa is 'n Wêreld Sendingbaanbreker.

Nadat Talessa 'n Bybelles en gebed gedeel het, gaan hy verder na die volgende huis. Met tye is die volgende huis 'n agt-uur reis. Die gelowiges het 'n kerk vir hulle groeiende gemeente – 'n kerk wat Talessa met sy eie geld gebou het.

Baie mense van hierdie streek van Ethopië aanbid afgode. Hulle word lastig geval deur bygeloof en vrees. Talessa vertel hulle die storie van Jesus en hoe Hy mense verlos het van duiwels toe Hy op hierdie aarde gewandel het. Talessa nooi hulle om meer van Jesus, die Seun van God te leer, wie vir hulle liefhet en wil hê dat hulle vir ewig saam met Hom moet leef.

Rondom die wêreld werk duisende baanbrekers soos Talessa om God se boodskap van liefde te deel met diegene rondom hulle. Met u ondersteuning, vind Talessa baie wat honger is om te weet dat God magtiger is as die duiwel, dat hulle afgode waardeloos is. Hy trek dus oor die berge van Ethiopië en deel God se liefde met enigeen wat wil luister.

Bid asseblief vir ons Wêreld Sendingbaanbrekers en die mense met wie hulle werk. Die oproep om te gaan en die wêreld te vertel dat Jesus spoedig gaan kom, kan nie bedryf of uitgebrei word tensy gelowiges aanhou om offergawes op 'n gereelde basis te gee nie.

Ons offergawes behoort ideaal gesien te word as 'n *Belofte*—'n ooreenkoms met God — getroue, gereelde bydraes van 'n ooreengekome gedeelte van ons verdienste om die programme te ondersteun wat God ingestel het om elke persoon te bereik sodat Jesus kan kom.

As u *Belofte* offergawe verdeel word soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergawe Plan (wat deur die Wêreldkonferensie aanbeveel was en gepromoveer word), dan help 50 tot 60% om die sendingwerk van u plaaslike kerk te ondersteun, 20 tot 30% ondersteun die streek se sendingprogramme van u konferensie, en 20% ondersteun altyd die Wêreld Sendingfonds (of Wêreldbegroting), wat gebalanseerde ondersteuning aan alle wêreld sendingprogramme van die kerk bied.

Dit is ons plig om te gaan, te bid, en te gee sodat andere 'n geleentheid het om Jesus eendag in die hemel te ontmoet.

**Sabbat 10**
**11 Maart 2023**

## Filippyne: Stryders vir Jesus

Een oggend vroeg op die eiland van Mindoro, Filippyne, was Jaslene* besig om haar gesin se ontbyt te maak. Skielik het geweerskote die vrede verstoor. Haar man, Antonio, het in die huis ingehardloop gekom, sy geweer gegryp, en begin om terug te skiet. Regeringsoldate het hulle voorgelê omdat hulle rebellevegters was.

Jaslene het haar kinders gegryp en in die bos ingehardloop, waar hulle in die bosse geskuil het totdat die skietery opgehou het. Jaslene en haar kinders het terug huistoe gesluip. Hulle het gehoor dat Antionio deur die soldate doodgeskiet is. Jaslene se hart het met haat geklop. Sy het besluit om haar kinders groot te maak om te veg en hulle vader se dood te wreek.

Toe die oudste seun 13 geword het, het hy by die rebelle aangesluit. Jaslene het die jonger kinders geleer hoe om in die bos te oorleef, hoe om te snuffel vir kos, en hoe om te skiet om dood te skiet.

Eendag het Jaslene na haar radio geluister terwyl sy gewerk het. Die woorde van 'n lied het haar hart aangeraak: "Jesus kom weer, Jesus kom weer, Jesus ons Heiland kom weer!"

Die spreker het oor Jesus gepraat, die vriendelike en liefdevolle Verlosser. Gefassineerd het Jaslene opgehou met werk om te luister. Haar hart het warm geword toe sy gehoor het dat God haar liefhet en vir haar vergifnis aangebied het. Spoedig het sy Jesus as haar Verlosser aanvaar en probeer om haar vyande te vergewe. Haar kinders het haar voorbeeld gevolg, en spoedig was hulle almal gedoop.

Eendag het Jaslene die spreker van Adventiste Wêreld Radio ontmoet. Met trane het sy vir hom gevra, "Leraar, waarom het dit jou so lank geneem om vir ons die goeie nuus van God te vertel? As jy net gekom het voordat my man gesterf het. Hy sou opgehou het om te veg voordat dit te laat was." Toe het sy bygevoeg, "Hierdie uitsending moet na ander dorpies in die berge gaan! Hulle het nodig om te hoor van Jesus voordat dit vir hulle ook te laat is!"

Jaslene en haar kinders het vreugde en vergifnis gevind om die haat in hulle harte te vervang. Hulle het hulle vriende aangemoedig om hulle koeëls te verruil vir Bybels en te vind dat Jesus ware vreugde en betekenis in hulle lewens bring, op die luggolwe van AWR na hulle gebring.

Ons lewens was verander deur die Verlosser, en ons kan ons dankbaarheid en liefde toon deur ons offergawes getrou aan Hom te gee. Ons *Belofte* offergawes is geskenke aan God, nie aan die kerk nie, om gebruik te word om mense vir die Verlosser te bereik in elke deel van die wêreld.

*Name is verander.
Duane McKey is president van Adventiste Wêreld Radio.

**Sabbat 11**
**18 Maart 2023**

## Portugal: Bokke Maak Vriende

Christof se gesin het moeg geraak vir die stadslewe en het na 'n klein dorpie bo-op die berge in Portugal verhuis om nader aan God en mekaar te kom. Hulle nuwe huis het 'n tuin gehad en baie plek vir Christof en sy broers om te speel.

Die gesin het nie Portugees gepraat toe hulle eers daar aangekom het nie, en daarom het Christof en sy moeder besluit om bekend te word deur hulle bure te help. Spoedig het hulle die mense se taal geleer en kon met hulle bure praat.

Christof het 'n buurman, Antonio, die bokwagter, ontmoet. Christof het Antonio gevra of hy kon help om sy bokke op te pas. Antonio het ingestem en vir Christof begin leer hoe om vir die spelerige diere te sorg. Toe Christof geleer het dat Antonio nie kon lees of skryf nie, het Christof aangebied om vir sy vriend te lees. Die volgende keer wat Christof vir Antonio besoek het, het Christof sy Bybel gebring.

Antonio het geluister terwyl Christof stories uit die Bybel gelees het. Antonio was bly om iemand te hê om die spesiale boodskappe van God vir hom te lees. Hy het vir Christof gesê dat hy geglo het dat daar 'n God in die hemel *is* en dat sy ouma jare gelede geglo het in die Sabbat as God se dag van rus en aanbidding. Christof was bly dat hy 'n vriend gevind het met wie hy God se stories kon deel. Christof het Antonio kerktoe genooi, maar die naaste Adventistekerk was te ver en die paaie te rof vir Antonio se ou bene. Christof en sy gesin het toe na Antonio se huis gekom om te aanbid en die Bybel vir hom te lees.

Die boodskap het deur die omgewing versprei dat Christof die Bybel vir Antonio gelees het. Andere wou aansluit. Antonio het diegene wat wou aansluit uitgenooi om na sy huis te kom en die Bybel saam te studeer. Spoedig het verskeie mense van die dorpie in aanbidding aangesluit by Christof se gesin. Meer en meer het gekom en God se liefde gevind. Dwarsdeur die berge van sentraal Portugal het mense God se boodskap gehoor omdat 'n jong seun God se liefde met 'n bokwagter gedeel het.

Ons getroue *Belofte* offergawes, gegee so gereeld en sistematies as tiende en verdeel soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergawe Plan, stel mense wat in bergdorpies en groot stede woon, voor aan Jesus. Die Gekombineerde Offergawe Plan stel voor dat 50 tot 60% van u *Belofte* offergawes behoort te help om die sendingwerk van u plaaslike kerk te ondersteun, 20 tot 30% behoort die streek se sendingprogramme van u konferensie te ondersteun, en 20% ondersteun altyd die Wêreld Sendingfonds (of Wêreldbegroting), wat oorsese sendelinge, sending, programme, projekte en inrigtings ondersteun wat fokus daarop om meer sendelinge voor te berei.

Laat ons getrou gee sodat God se werk klaargemaak kan word en ons weer in die hemel kan ontmoet.

**Sabbat 12**
**25 Maart 2023**

## Brasilië: Die Bure Het Opgelet

Die stad Salvador in Brasilië is besig om te verander. Die Adventistekerk groei hier vinnig; maar ten spyte van die sterk groei, bestaan onbetrede gebiede nog steeds in die stad.

Vir jare het José [jo-ZAY] alkohol gedrink en die gemeenskap ontwrig. Ari het geweet dat José nie werk gehad het nie, daarom het Ari vir hom 'n werk by sy konstruksiemaatskappy, wat kerke gebou het, aangebied.

José het opgelet dat Ari hom goed behandel en baie oor God praat wanneer ander hom onbeskof behandel het. Met tyd het Ari vir José uitgenooi om die Bybel saam met hom te lees.

José het gevoel dat sy hart verander. Vir dinge wat hy eers liefgehad het, het hy nou nie meer omgegee nie.  Sy lewe was verander. José het Jesus as sy Verlosser aanvaar en het gevra om gedoop te word.

José se bure het die veranderinge in José raakgesien. Hy het nie langer luide musiek gespeel nie en was nie elke aand dronk nie. Die bure het gevra, "Wat het met jou gebeur? Jy is so anders!"

"Ek het Jesus onmoet," het José gesê en sy oë het geskitter met blydskap.

Sommige het getwyfel dat 'n dronkaard so heeltemaal kon verander. José het begin om sy bure na sy huis te nooi op Vrydagaande om met hulle te praat en vir hulle behoeftes te bid. José het na die Bybel gewys en vir hulle 'n Skepper gewys wat baie vir hulle omgee.

José se bure het God leer ken. As gevolg daarvan is 10 mense gedoop en meer is besig om voor te berei vir die doop. Klein groepies soos soos die van José vorm die kern van die kerk in Salvador. Hierdie klein groepies groei tot gemeentes, en hierdie gemeentes verdeel in kleiner groepies en versprei dwarsdeur die stad.

Vyf jaar gelede het die kerkleierskap in die provinsie van Bahia, waar Salvador geleë is, 'n doel gestel om 1,000 kerke in vyf jaar te bou. Hulle het hulle doel bereik en al 1,000 kerke is nou nuwe gemeentes. Die 1,000 kerke dwarsdeur Salvador en die provinsie van Bahia verteenwoordig groeiende gemeentes van gelowiges, wat net soos José, deur Jesus verander is.

José se lewe getuig dat dit nie saak maak watter probleme iemand in die gesig mag staar nie, Jesus kan hulle lewens verander.

U gereelde en sistematiese offergawes, genoem *Belofte,* is u vennootskap met God. Hy beloof, "Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, . . . . want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word" (Lukas 6:38). As jy twyfel aan hierdie belofte, toets God. Stel Hom op die proef, en sien vir uself.

**Sabbat 13**
**1 April 2023**

## Timor-Leste: ‛n Nuwe Sendingveld

Timor-Leste is ‛n klein eiland nasie in Suid-oos Asië. Dit is tuiste vir 1.2 miljoen mense, die meeste waarvan Katoliek is.

Ongeveer 500 Sewendedag-Adventiste woon in Timor-Leste. Hulle aanbid in een amptelike kerk in die hoofstad en drie ander groepe wat oor die eiland versprei is. Adventiste lidmate in Timor-Leste ondergaan vervolging. Hulle word dikwels verwerp, vervolg, of uit hulle werk ontslaan. Adventiste kinders word uit die skool gesit omdat hulle nie skool op Sabbat bywoon nie.

Joaquina is ‛n kleremaker wat in ‛n nederige huis woon wat ook haar winkel en werksplek is. Sy maak klere en ander kreatiewe items om ‛n bestaan te maak. Joaquina ly baie pyn as gevolg van fisiese uitdagings. Eendag het sy so swak gevoel dat sy gebid het en gevra het dat God haar moes help. Kort daarna het twee Adventiste na haar huis gekom, saam met haar gebid, en vir haar ‛n Bybel gegee.

Joaquina het die Bybel bestudeer en oortuig geraak dat God se waarheid in die Adventiste leerstellings lê. Op Sabbat het sy haar winkel toegesluit en saam met die Adventiste aanbid. Toe haar bure uitgevind het dat sy haar voormalige kerk verlaat het om ‛n Adventis te word, het hulle ‛n klagte teen haar aanhangig gemaak, en sy was gearresteer. Dit was ‛n moeilike tyd vir Joaquina, maar God het haar krag gegee. Sy was vrygelaat en onskuldig verklaar. Nou praat sy met haar bure oor God ten spyte van vervolging.

Selfs die Adventiste kinders in Timor-Leste het uitdagings. Openbare skole is ses dae ‛n week oop. Wanneer kinders weier om skool op Sabbat by te woon, word hulle uit die openbare skool gesit. In 2015 het deel van die wêreldkerk se offergawe gehelp om ‛n Adventiste laerskool te bou waar leerders sonder vrees om uitgesit te word, kan studeer. Die skool is geregistreer as ‛n internasionale skool waar klasse in Engels aangebied word. Inskrywings het stadig gegroei, en ‛n koshuis was nodig om studente te akkommodeer wat ver van die skool woon. Baie nie-Adventiste ouers is ook gretig om hulle kinders na hierdie skool te stuur.

Deel van ons *Belofte* offergawes het gehelp om die koshuis te bou en sal aanhou om die werk in Timor-Leste te ondersteun. Kom ons help om evangelisasie in Timor-Leste te laat voortgaan en bid dat God die gelowiges sal versterk terwyl hulle werk om die vooroordeel af te breek tussen diegene wat die meerderheid godsdiens volg en die Adventiste, en die harte van diegene sal oopmaak wat God persoonlik wil ken. Om vir God ons *Belofte* offergawes te gee, eer God en versterk ons ook as Christene.

**Sabbat 14**
**8 April 2023**

## Hope Kanaal: Cipriano se Tweede Kans

Ek was 25 jaar oud en het op sterwe gelê van alkoholverslawing. Ek het gedink dat my lewe verby was.

As ‛n kind was ek deur ouerr seuns afgeknou. Soos wat ek opgegroei het, het ek geleer hoe om vir myself op te staan. Met tyd het die afknouers opgehou om op my te pik en my aanvaar. Hulle het my voorgestel aan hulle donker musiek en alkohol. Kort voor lank was ek verslaaf aan alkohol; en wanneer ek dit nie van vriende kon kry nie, het ek dit gesteel.

Ek het die skool verlaat toe ek 15 was en gaan werk. Alles wat ek egter verdien het, het gegaan om alkohol te koop. Die volgende vyf jaar was die donkerste jare van my lewe. Ek het begin om alles te word wat ek gehaat het. Ek het ander afgeknou en lasterend geraak wanneer ek gedrink het. Ek was teneergedruk en het selfmoordneigings gehad. Die enigste iets wat ek meer gehaat het as myself, was my verslawing. Ek het vriende en familielede verloor aan die dood deur alkohol.

Ek het besef dat ek besig was om myself dood te maak. Ek het opgehou om te drink en huistoe gegaan na my grootouers. Hulle het my verwelkom. My ouma was ‛n Christen en het verskeie mense gehelp om alkoholverslawing te oorwin. Selfs sy was egter nie gereed vir die lewensbedreigende uitwerkings wat my onttrekking veroorsaak het nie. Ek kon nie eet nie; my hart het gedurig hard geklop, en ek het onbeheerbaar gebewe. Sy het geweet dat my lewe aan ‛n draadjie gehang het.

Uit vrees dat ek kon sterf, het my ouma met my oor Jesus gepraat. Sy het gebid en my herinner dat Jesus my liefhet. Haar woorde het my moed gegee.  Dag na dag het my lewe aan ‛n draadjie gehang.

My oupa het ‛n televisie voor my bed geïnstalleer. Hy het gedink dat dit my aandag van my simptome sou aftrek. Toe ek op daardie dag die TV aangeskakel het, het ‛n program genoem Hope Sabbatskool opgekom. Ek het nog nooit tevore daarvan gehoor nie, maar dit het my aandag getrek. Terwyl ek na die program geluister het, het dit my gehelp om op God se Woord te fokus eerders as op my angs. Ek het gevoel dat die Heilige Gees besig was om in my hart te werk. Hope Sabbatskool het my kerk geword en ‛n deel van my helingsproses. Hope Sabbatskool en my grootouers het my langs die weg na Christus gelei.

God het my gesond gemaak en het my ‛n tweede kans op die lewe gegee. My hart is nou gevul met God se genade en liefde. God het my grootouers se gebede beantwoord. Hulle en Hope TV het my hart geopen vir God se liefde en vir my nuwe lewe in Christus gebring.

**Sabbat 15**
**15 April 2023**

## Timor-Leste: Bino se Nuwe Skool

Selfs nog voordat Bino oud genoeg was om te praat, wou sy ma hê dat hy by 'n internasionale skool moes studeer. Openbare skool in Timor-Leste is gratis, en die onderwysers praat Portugees. Om na 'n internasionale skool te gaan, kos geld en die onderwysers gee onderrig in Engels. Om Engels te leer is voordelig vir wanneer die kinders gereed is vir universiteit of internasionale besigheid.

Bino se pa het 'n hele paar internasionale skole gevind, maar hulle was te duur. Toe eendag het hy 'n teken op 'n kerkheining gesien wat die Timor-Leste Adventiste Internasionale Skool geadverteer het. Hy het die skool geskakel vir meer inligting en uitgevind dat hierdie skool nie soveel gekos het as die ander wat hy besoek het nie. Bino se ouers was nie Adventiste nie, maar hulle het gehoor dat Adventiste goeie en betroubare mense was.

Toe Bino gereed was vir skool, het sy ouers hom by die Adventisteskool ingeskryf en spoedig het hy begin om Engels te leer. Toe Bino tuisgekom het na skool, het sy ma vir hom gevra om haar die Engelse woorde te leer wat hy by die skool geleer het.

Engels was nie die enigste iets wat Bino by die skool geleer het nie. Hy het Bybelstories geleer en vir sy ma vertel van Dawid en Goliat, Jona en die groot vis, en Jesus en die klein seuntjie wie se middagete meer as 5000 mense gevoed het. Mamma het gehou daarvan om te hoor dat haar klein seuntjie Bybelstories vertel.

Bino se ouers het begin om die Bybel te lees. Somtyds het hulle vrae gehad oor wat hulle gelees het, daarom het hulle die predikant van die Adventistekerk gevra om hulle te help. Die predikant het gehelp met die studie van die Bybel. Die dag het gekom dat Bino se ouers gevra het om by die Adventistekerk aan te sluit.

Vandag gaan Bino en sy ouers saam na die skool. Mamma en Pappa werk as die skool se opsigters. Te danke aan die Adventisteskool praat die hele gesin nou Engels; maar nog belangriker, hulle het Jesus met hulle hele hart lief.

Bino se skool groei vinnig. Baie kinders wil die skool bywoon maar bly te ver. Dus was 'n koshuis gebou sodat die kinders by die skool kon woon en van Jesus kan leer

Deel van ons *Belofte* offergawes sal hierdie skool help om te groei en baie mense op die eiland van Timor-Leste van Jesus te leer. Sommige van hierdie kinders sal nie van Adventiste huise wees nie, maar hulle sal 'n geleentheid hê om van Jesus te leer, en miskien sal hulle hulle hart aan Hom gee.

Elke keer wanneer ons *Belofte* offergawe verdeel word soos wat die Gekombineerde Offergawe Plan voorstel, tree ons in vennootskap met Jesus om mense vir Hom te bereik, plaaslik, streeksgewys, en rondom die wêreld.

**Sabbat 16**
**22 April 2023**

**Argentinië: Tot aan die Einde van die Wêreld**

Erick Sanchez, ‛n teologiese student van Peru, het geluister wanneer sy professor die klas uitgedaag het: "God verwag van jou om ‛n sendeling te wees — iewers in die wêreld." Hierdie woorde het ‛n begeerte in Erick se hart geplant om God te dien waar Hy ookal lei.

Kort hierna het Erick ‛n advertensie gelees wat versoek vir ‛n Bybel-onderwyser vir ‛n sendingskool in Argentinië. Hy het die skool gekontak en aansoek gedoen vir die pos. Hy was aanvaar. Erick het gebid dat God hom sou gebruik om die lewens te verander van die mense wat hy sou bedien.

Erick het na Ushuaia [OOS-WHY-AH], Argentinië, die mees suidelike stad in die wêreld, gevlieg. Ushuaia het pragtige, koue, sneeuerige weer. Baie mense sukkel om ‛n basiese lewe te voer, en baie is verslaaf aan alkohol of tabak.

Die kerk het geplan om ‛n rookstaakprogram te hou en het almal in die dorp uitgenooi om by te woon. Erick het uitnodigings uitgegee oral waar hy gegaan het. Een koue, nat dag na ure van ploeg deur die sneeu, het hy skuiling gesoek by ‛n hospitaal. Hy het warm geword maar het te swak gevoel om aan te hou met loop. Hy het sommige van die uitnodigings in die ontvangsarea gelos en huistoe gestap.

Op die openingsaand van die seminaar, het dosyne mense gekom. Die kamer het gestink van die skerp reuk van tabak, wat ‛n bewys was van hoe desperaat hierdie mense was om op te hou rook. Baie het gereeld bygewoon en die nikotiengewoonte oorwin. Op die finale dag was Bybelstudies aan die wat bygewoon het aangebied, indien hulle wou.

Terwyl hy opvolging gedoen het oor die versoeke, het Erick vir Elena en haar seun, Jonathan, besoek wat die byeenkomste bygewoon het. Hulle was gretig om van God te leer.

"Hoe het julle van die byeenkomste gehoor?" het Erick gevra. Elena het breed geglimlag. "Ek het by die hospitaal gewag en het die uitnodiging na die rookstaakbyeenkoms gesien. Ons het besluit om by te woon." Erick het besef dat God ‛n pamflet gebruik het wat hy agtergelaat het om hierdie gesin te bereik.

Deur die invloed van seminare, het Elena die oorwinning oor tabak behaal, en haar gesin het Jesus ontmoet. Hulle het die lesse studeer en voorberei vir die doop.

Teen die einde van Erick se jaar in Ushuaia, het God sy diens gebruik om 26 mense na God te lei.

As Jesus u tot diens roep, of dit by die huis is of ver weg, sê vir Hom dat u sal gaan. In die tussentyd, kan u God se sending tot die wêreld dien deur u tiendes en offergawes, genoem *Belofte,* wat elke faset van God se werk rondom die wêreld ondersteun.

**Sabbat 17**
**29 April 2023**

## Trinidad: Maak ‛n Tandarts ‛n Dissipel

Magdalena woon in die eiland-nasie van Trinidad [TRIN-ih-dad] en Tobago [toh-BAY-go]. Na skool, stap sy tot by ‛n nabygeleë apteek om te wag dat haar vader haar moet oplaai. Terwyl sy wag, hou sy die mense wat verbygaan dop en wonder of hulle Jesus liefhet. Eendag het Magdalena vir haar vader gevra, "Mag ek traktaatjies gee vir die mense wat by die apteek verbystap?"

"Dit is ‛n goeie idee!" het haar vader gesê. Hy het vir haar traktaatjies gegee om met ander te deel na skool. Magdalena het al die traktate uitgegee aan mense wat verbygeloop het. Toe haar vader gearriveer het, het sy aangekondig, "Ek het nog traktate nodig!" Haar vader was bly om vir haar nog traktate te gee om uit te gee.

Magdalena het ‛n tandarts herken wat gereeld verby die apteek geloop het. Sy het elke keer wanneer hy verbygekom het, vir hom ‛n traktaat gegee. Eendag het sy vir haar vader gevra, "Ek het vir ‛n tandarts traktate gegee. Mag ek met hom oor Jesus praat?" Haar vader het vol blydskap ingestem.

Die volgende dag, het Magdalena uitgekyk vir die tandarts. Toe hy verbygestap het, het sy vir hom gevra, "Ken jy Jesus?"

"Ek het van Jesus gehoor, maar ek ken Hom nie," het die tandarts gesê.

"Mag ek jou van God vertel?" het Magdalena gevra. Die man het haar genooi om die volgende middag na sy kantoor te kom. Haar vader het toestemming gegee dat sy kon gaan en vir haar ‛n Bybel gegee om vir die tandarts te gee.

Die volgende dag het Magdalena die tandarts se kantoor besoek. Sy het vir hom die Bybel gegee, en hy het dit met blydskap aanvaar. Magdalena het die tandarts elke middag na skool besoek. Hulle het stories uit die BYbel gelees en daaroor gepraat. Die tandarts het in Jesus begin glo, en daarom het Magdalena hom uitgenooi kerktoe op Sabbat. Hy het geglimlag en haar uitnodiging aanvaar.

"Pappa!" het Magdalena opgewonde gesê. "Die tandarts kom Sabbat saam met ons kerktoe!"

Die volgende Sabbat het Magdalena en haar gesin die tandarts opgelaai oppad kerktoe. "Julle dogter is wonderlik," het die tandarts vir haar ouers gesê. "Ek het niks van Jesus geweet voordat ek haar ontmoet het nie. Nou ken ek Hom egter."

Magdalena is lief om God se liefde op die strate van haar dorp te deel. Ons kan God se liefde ook deel. Of ons nou pamflette uitgee, vriende na byeenkomste nooi, of ‛n persentasie-gebaseerde *Belofte* offergawe gee saam met ons tiende, is ons besig om God se liefde te deel. Indien u nie weet hoe u God se liefde kan deel nie, vra God vir idees. Hy sal sekerlik u gebed beantwoord.

**Sabbat 18**
**6 Mei 2023**

## Malawi: Maak die Regte Keuses

John was 'n slim, jong student in Malawi. As 'n tiener was hy gekies om by 'n spesiale skool te studeer wat fokus op sy godsdiens meer as op ander vakke. Die doel van sy opvoeding was om soveel as moontlik oor sy godsdiens te leer sodat hy Christene na sy geloof kon bekeer. Na drie jaar van intense studie, het John sy godsdienstige opvoeding voltooi.

John het toe by 'n Adventisteskool ingeskryf om meer oor Christene te leer. Sy doel was altyd om homself toe te rus om Christene na sy geloof te bekeer. Hy het klasse bygewoon en gepraat oor Adventiste geloofsoortuigings met die predikant en sy ander onderwysers, altyd met die bedoeling om meer te leer van Adventiste geloofsoortuigings en om Adventiste se swakhede te ontdek.

Na drie jaar van studie in die Adventisteskool was John oortuig dat Adventiste die waarheid leer. Hy het vir die skool se skoohoof gesê dat hy sy lewe aan God wil gee en gedoop word. Toe John se vader van John se besluit gehoor het om sy familie se godsdiens te verlaat, het hy hom onterf. John was getroos toe hy die eerstehandse verskille gesien het wat God in mense se lewens maak.

Uiteindelik was John uitgenooi om 'n Wêreld Sendingbaanbreker te word en was na 'n onbetrede gebied van Malawi, sy tuisland, gestuur. Daar het hy as 'n baanbreker gedien deur Christus se metode te gebruik, en sy getuienis met mense gedeel wat hy ontmoet het.

John wou sy opleiding voltooi en het daarom by Malawi Adventiste Universiteit ingeskryf, waar hy teologie gestudeer het. Hy het met ywer gegradueer om 'n predikant te word. John het nooit opgegee nie. Hy wil niks meer hê nie as om ander die waarhede van die Bybel te leer en hulle na Jesus te lei.

God kon wonderwerke gedoen het om skole en kerke en hospitale te voorsien om mense na Christus te trek. Hy wil egter ons geloof en ons finansies gebruik om die werk op te bou wat ons voorvaders begin het.

Terwyl ons tiende aan God behoort en uitsluitlik goedgekeurde sendelinge en predikante onderhou, wat die Woord verkondig, en hulle ondersteuningspanne, word ons *Belofte* offergawes toegewys om die sendingwerk van die kerk hier en rondom die wêreld te laat groei. Indien u dit nie alreeds doen nie, vra God watter persentasie van u inkomste Hy wil hê dat u gereeld as 'n *Belofte* offergawe moet gee om die sendingwerk van die kerk rondom die wêreld te versterk. Hy het u uitgedaag "Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie." (Heb. 13:5). Vertrou Hom, gehoorsaam Hom en sien hoe Hy u seën!

**Sabbat 19**
**13 Mei 2023**

## ADRA Rol Hulle Moue Op

Toe die COVID-19 krisis deur die wêreld gespoed het, het ADRA ingetree om lewens te dien en te red. Die behoeftes rondom die wêreld was nooit groter nie, maar om hulp te voorsien waar dit nodig was, was moeiliker as ooit. Reis was beperk en voorrade was moeilik om te bekom en te vervoer.

ADRA het vinnig 'n COVID-19 taakspan georganiseer met kerklidmate rondom die wêreld om die uitbreek van die pandemie en die dringende behoeftes wat dit veroorsaak het, aan te spreek.

In 16 lande in Afrika, byvoorbeeld, het ADRA in vennootskap getree met Vrouebedieninge en Jeugbedieninge in plaaslike Adventistekerke om mense te leer hoe om volhoubare tuine te plant om hulle gesinne en die gemeenskappe in die moeilikste tye te voed. Gereedskap, pakkies saad, en opleiding het dit moontlik gemaak vir die deelnemers om gedurig gesonde voedsel te voorsien vir die hele dorpie.

Sommige van diegene wat deelgeneem het in die tuinmaakprojek het gerapporteer dat hulle tuine nie slegs voldoende voedsel vir hulle families voorsien het nie, maar genoeg om te deel met hulle bure en te verkoop vir 'n inkomste.

Op 'n Wêreldskaal, gedurende die eerste jaar van die pandemie, het ADRA na aan 20 miljoen mense in 90 lande bedien. Hierdie mense werk nou met hulle gemeenskappe aan die volgende stappe na herstel.

Toe Indië en ander lande in Suid-oos Asië getref was deur 'n massiewe toename van COVID-19, het ADRA verskeie mediese fasiliteite voorsien met die kritiese voorrade en hulpbronne wat nodig was om lewens te red. Een van die grootste behoeftes was suurstof. ADRA het suurstofvoorrade voorsien aan baie hospitale en 'n suurstofopwekkingsaanleg aan die grootste Adventiste hospitaal in Indië sodat die hospitaal 'n volhoubare bron van suurstof vir die krisis en daarna kon hê.

ADRA se doel is om die mensdom te dien sodat hulle almal kan leef soos wat God se bedoeling was op maniere wat onderhoubaar en veranderend is.

Nie elkeen mag in staat wees om by ADRA aan te sluit om in 'n veraf land te werk nie, maar elke keer wat u u *Belofte* offergawe verdeel soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergawe Plan, sal 20% daarvan na die Wêreld Sendingfonds (of Wêreldbegroting) gestuur word, wat ADRA en sy bediening aan diegene wat dit nodig het, ondersteun. Deur u *Belofte* Offergawe op 'n billike manier te verdeel, soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergawe Plan, sal u ADRA help om sy lewensreddende werk rondom die wêreld voort te sit.

**Sabbat 20**
**20 Mei 2023**

## Papoea-Nieu-Guinee: Dorcas

In ‘n klein dorpie in die oerwoud van Papoea-Nieu-Guinee woon ‘n jong meisie met die naam Dorcas. Haar gesin is Adventiste, en hulle deel God se liefde met ander wanneer hulle ookal kan.

Dorcas wou ‘n nuwe manier vind om haar liefde vir Jesus met haar vriende te deel. Sy het besluit om Bybelversies op stukkies papier te skryf en dit met twee van haar beste vriende te deel. Sy het die versies uit die Bybel afgeskryf en dit die volgende dag vir haar beste vriende gegee. Die meisies het ingestem om die versies te memoriseer. Die meisies het die versies gememoriseer en dit die volgende dag herhaal. Spoedig het hulle elke dag ontmoet gedurende etenstyd naby die rivier om te sing, die Bybel te studeer, en hulle geheuetekse op te sê.

Ander het begin om te kom en die groep het vinnig gegroei. Meer kinders het begin om Bybelversies te memoriseer. Toe Dorcas haar moeder vertel het hoe baie kinders haar klein groepie bygewoon het om meer van God te leer, het haar moeder voorgestel dat hulle in die aand by hulle huis ontmoet sodat meer kinders kon kom. Hulle het begin om elke Woensdag- en Vrydagaand te ontmoet. Spoedig het die groepie gegroei tot meer as 40 kinders. Sommige van die kinders se ouers het ook begin kom.

Dorcas het haar vriende uitgenooi om die Adventistekerk op Sabbat by te woon en baie kinders – en sommige ouers – het by hulle aangesluit. In ‘n kort tydjie het ‘n paar van die kinders en sommige ouers hulle harte aan Jesus gegee en by die klein Adventistekerk aangesluit. Die kerkgebou het te klein geword vir die groep en hulle het onder ‘n seil begin ontmoet totdat hulle ‘n groter kerk kon bou.

Een sonnige Sabbat het die kerklidmate by die rivier byeengekom waar Dorcas gedoop is. Dit was ‘n dag om te onthou vir Dorcas, haar gesin, en die hele kerk.

Dorcas woon ‘n Adventiste kosskool by ver van haar huis. Sy hou egter aan om haar geloof met ander te deel terwyl haar gesin hulle geloof in hulle dorpie by die rivier deel.

Om ons geloof te deel, is die beste manier om ons kerk te laat groei en u eie geloof op te bou. Deur gereeld ons *Belofte* offergawes te gee, help ons om die kerk in groot stede en klein dorpies in die oerwoud van Papoea-Nieu-Guinee te bou. Kom ons gee gereeld en mildelik om die werk rondom die wêreld klaar te maak.

**Sabbat 21**
**27 Mei 2023**

## Denemarke: "Happy Hand" Winkel

Vir meer as dertig jaar het Wêreld Sending se mandaat om die wêreld vir Jesus te bereik, sy aandag gefokus op die mees uitdagendste onbereikte areas van die wêreld. Miljoene nuwe gelowiges het na Christus gekom, en duisende nuwe kerke was geplant in vorige onbetrede gebiede. Grootliks as gevolg van hierdie inisiatief, het die Adventistekerk sy lidmaatskap verdriedubbel in gebiede waar daar 30 jaar gelede skaars werk bestaan het. Een dringende uitdaging bestaan egter nog steeds – om die stede te bereik.

In onlangse jare het miljoene hulle landelike huise verlaat om werk en 'n beter lewe in die stede te vind. Hoe kan ons God se liefde met die massas deel wat in die stedelike gebiede van die wêreld woon?

Meer as 100 jaar gelede het Ellen G. White die kerk uitgedaag: "Ons moet meer doen as wat ons gedoen het om die mense van ons stede te bereik . . . Ons behoort. . . klein groepies te plant wat sentrums van invloed kan wees" (*Counsels on Health,* bladsy 481)*.* Sy gaan verder deur te sê dat "Ons moenie wag vir siele om na ons te kom nie; ons moet hulle gaan soek waar hulle is. … Daar is menigtes wat nooit deur die evangelie bereik sal word, tensy dit na hulle uitgedra word nie (*Christ's Object Lessons*, bladsy 229).

Sentrums van Invloed (SVI) is ontwerp om mense vir Jesus te bereik waar hulle ookal is. Baie SVI's fokus op gesondheid- en welstandopvoeding, voorsien naskoolse opleiding, leer van 'n taal, en voorsien selfs storte vir die haweloses.

Een unieke sentrum maak 'n verskil in Kopenhagen, Denemarke se hoofstad. Soos baie van Europa, is godsdiens nie langer 'n deel van die meeste mense wat in groot stede woon nie. In die kern van die stad is 'n tweedehandse winkel genoem "Happy Hand." Tweedehandse winkels is gewild in groot stede, maar "Happy Hand" bied meer as kwaliteit gebruikte items aan. Dit bied 'n geleentheid om nuwe vriende te maak en oor geestelike beginsels te praat met diegene wat by die deure inkom.

Bybeltekse op die mure ontlok gesprekke met die kliënte wat hulle mag lei na dieper vrae wat hulle nie met gemak aan 'n predikant sal vra nie. In 'n land waar godsdiens 'n stryd voer, meng "Happy Hand" se vrywilligers met mense, voorsien in hulle behoeftes, wen hulle vertroue, en stel hulle aan Jesus voor – iets wat almal van ons veronderstel is om te doen.

U kan egter ook deel in hierdie uitreiking deur u getroue *Belofte* offergawes te gee om Wêreld sendinguitreikings te ondersteun wat mense se lewens vir die ewigheid verander.

**Sabbat 22**
**3 Junie 2023**

## Sri Lanka: Bandara, Geslaan vir Sy Geloof

Bandara het Christene gehaat. Hy kon nie verstaan hoe enigeen kon glo dat God die wêreld geskape het en sonde kan vergewe nie. Eendag het alles egter vir Bandara verander.

God het 'n Christen gebruik om sy lewe te verander. Hierdie persoon het Bandara se vrae oor God beantwoord. Deur hierdie Christen het Bandara geleer van God se liefde vir hom. Met tyd het Bandara sy lewe aan Christus gegee en was gedoop. Hy wou mense aan Jesus voorstel en eendag 'n nuwe gemeente van gelowiges begin.

Bandara se passie en toewyding om Jesus te deel het elke dag sterker geword. Die veranderinge in Bandara se lewe het vir sy familie en vriende opmerklik geword, en hy het begin om met sy motorfiets in die stad rond te ry en die liefde van Christus en Sy boodskap van vergifnis met ander gedeel.

Bandara se optrede het uiteindelik die aandag getrek van persone wat gedink het dat Bandara se nuwe oproep die gemeenskap uitmekaar sou trek. Die jong manne het saamgesweer om Bandara te slaan om hom te oortuig om op te hou om ander van Jesus te vertel. Terwyl Bandara eendag teruggekeer het huistoe, het die jong manne vir hom gewag. Hulle het sy pad versper, hom van sy motorfiets afgeruk, en hom geslaan. Bandara het homself beskerm, maar hy het geweier om terug te baklei. Na ongeveer 15 minute het die manne moeg geword en weggeloop. Bandara het 'n oomblik gewag en toe op sy motorfiets geklim en huistoe gery. Toe hy in die spieël gekyk het, het hy geen skrape of seerplekke op sy gesig en bolyf gesien nie. God het hom beskerm teen die slanery.

Toe die bure gehoor het van Bandara se slae, het baie by hom gestaan. Hulle het die veranderinge in sy lewe gesien en ander wat hulle lewens vir Christus gegee het as gevolg van Bandara se werk.

Bandara se toewyding aan God groei elke dag sterker. Hy sê vir ander, "Indien ons nie God se evangeliewerk doen nie, wie sal dit doen? God het ons geroep om Hom te dien. Indien ons nie Sy oproep beantwoord nie, wie sal?"

Net soos wat Bandara en honderde ander Wêreldwye Sendingbaan-brekers gekies het om God se oproep te volg om hulle geloof met ander te deel wat nog nie weet van Christus se liefde nie, mag ons ook kies om Sy oproep te beantwoord, deur ons geloof op enige moontlike manier te deel.

Een manier waarop God ons roep om Sy boodskap te deel, is deur gereeld Sy tiende terug te gee asook *Belofte* offergawes. Hierdie offergawe help om die werk van die kerk deur baie kanale te ondersteun in die hele wêreld, insluitende Wêreld Sendingbaanbrekers. Luister noukeurig wanneer God iets van u vra en reageer met geloof en blydskap.

**Sabbat 23**
**10 Junie 2023**

### Korea: Die Uitnodiging

Sehee [SEH-hee] en haar gesin het uit die stad verhuis na die landelike gebied van Suid-Korea. Eers het Sehee haar vriende in die stad gemis, maar spoedig het sy haar moeder gehelp om te plant en hulle groentetuin te versorg. Sy het die groente water gegee en die onkruid uitgehaal om die groente voldoende ruimte te gee om te groei.

Toe die komkommers, blaarslaai en mielies gereed was om te pluk, het die gesin te veel gehad om self te eet. Sehee het dus met haar bure gedeel. Die bure was opgewonde om vars groente te kry en het haar dikwels geskenke van tuisgebakte brood of ingelegde gepekelde groente gegee. Sehee het soveel huistoe gedra as wat sy uitgegee het. Dit het haar herinner aan Spreuke 11:24 wat sê dat wanneer ons ruim uitdeel, sal ons nog meer kry.

Sehee het egter nog steeds haar vriende by die kerk gemis. Die enigste kind van haar ouderdom was haar broer. Vakansie Bybelskool was aan die kom en haar moeder het voorgestel dat Sehee haar klasmaats uitnooi om dit saam met haar by te woon. Sehee het spesiale uitnodigings uitgeskryf en dit vir die kinders by die skool gegee. Sy het egter gewonder of die kinders sou kom.

"Moenie bekommerd wees nie," het haar moeder gesê. "Dit is nie jou werk om hulle te oortuig om te kom nie. Dit is God se werk."

Sehee het by die kerk se deur vir haar klasmaats gewag, maar niemand van die kinders wat sy uitgenooi het, het na die Vakansie Bybelskool gekom nie. Een van die seuns in haar klas het egter op Sabbat kerktoe gekom. Die seun het nie van Jesus geweet nie, maar hy was bly om te leer. Hy het nie enige vriende by die skool gehad nie en daarom het hy vriende geword met Sehee en haar broer. "Ek hou van kerk!" het hy gesê. "Ek wil elke week kom."

Sehee se moeder het vir haar gesê dat een seun kerktoe gekom het. "Hy sou nie gekom het as jy hom nie genooi het nie."

Sehee bid vir haar nuwe vriend wat kerktoe kom en vra Jesus om hom en sy gesin te help om te leer om God lief te hê en op Hom te vertrou.

Wanneer Sehee vir haar vriend bid, vertrou sy Jesus met haar vriend se hart. Wanneer ons gereeld ons *Belofte* offergawes vir Jesus gee, vertrou ons Hom om daardie offergawes te gebruik op die beste moontlike manier sodat ander mense 'n kans kan kry om God te ontmoet en te besluit om Hom lief te hê en dwarsdeur hulle lewens te dien. Kom ons wees getrou met ons tiendes en offergawes en met ons getuienis aan vriende sodat baie mense Jesus sal ontmoet en liefkry.

**Sabbat 24**
**17 Junie 2023**

## Ethiopië: Die Gesin Wat Ek Gevind Het

Berhanu het in Ethiopië gepreek vandat hy 'n seun was. As gevolg van sy groot geloof en visie, was hy uitgenooi om as 'n Wêreld Sendingbaanbreker te dien. Die jongman het die uitdaging met blydskap aanvaar.

Toe Berhanu in sy nuwe gebied van bediening gearriveer het, het hy met die mense in sy nuwe gemeenskap begin meng. Hy het egter geen Adventiste gevind nie. Terwyl hy die mense leer ken het, het hy hulle uitgenooi na 'n Bybelstudie. Nou, ontmoet 'n Adventiste groep in 'n klein, gehuurde gebou.

Berhanu hou daarvan om te sing, en hy gebruik sy musiek om Jesus aan sy nuwe bure voor te stel. Een van sy geliefkoosde liedere praat van die Wederkoms. Die woorde vertaal tot, "Ons moet wakker word. Jesus kom!" Na die lied deel Berhanu die boodskap van sy hart. Die meeste van die mense wat sy byeenkoms bywoon, werk op regeringsplase in die area, en baie ver van die huis en gesin. Dit is maklik om hier eensaam te voel, en daarom het Berhanu gefokus daarop om mense bymemaak te bring en 'n gevoel van gemeenskap en vriendskap te bou. Na 'n lang werksweek geniet die mense om sy boodskappe te hoor.

Berhanu het Solomon ontmoet toe hy na hierdie dorp verhuis het om op 'n plaas te werk. Solomon was egter baie eensaam. Eendag het die twee mans ontmoet en gepraat. Hulle het besef dat hulle van dieselfde dorpie was. Hulle het vriende geword en Solomon het by Berhanu se klein groepie aangesluit.

Terwyl Solomon aangehou het om hierdie nuwe gemeente by te woon, het hy gevoel asof hulle sy uitgebreide familie was. Berhanu se woorde het gedurig aan Solomon se hart getrek. God se liefde en die groep se familie atmosfeer het 'n leemte in Solomon se hart gevul wat in sy lewe in hierdie dorp gekort het. Hy het besluit om sy lewe aan God te gee en het 'n permanente lid van hierdie gemeente geword.

Terwyl Berhanu gereeld saam met hierdie groep ontmoet, stap hy ook twee ure om saam met 'n groep in 'n ander dorp te ontmoet. Sy werk kan hom moeg maak en baie uitdagend wees, maar hy vind hoop en krag in Jesus.

Berhanu is slegs een van 1,600 Wêreld Sendingbaanbrekers rondom die wêreld. Bid asseblief vir hulle terwyl hulle mense aan Jesus voorstel.

Laat u gebede aansluit by u getroue *Belofte* bydrae om die werk om verlore manne en vroue en kinders na die voete van Jesus te lei, vinnig klaar te maak. God sal u getroue bydrae om die werk op hierdie aarde klaar te maak, seën.

**Sabbat 25**
**24 Junie 2023**

## Zimbabwe: Drie Koeie en ‘n Bul vir die Here

Mnr. en Mev. Mpofu [M’POE-FOO] woon in Zimbabwe in Suidelike Afrika. Hulle boer met beeste en erken dat hulle diere die Here s’n is. Eendag terwyl die paartjie na hulle beeste gekyk het, het hulle beïndruk gevoel om meer vir God te gee. Hulle het dus besluit om ‘n gedeelte van hulle diere as tiende en *belofte* offergawes te gee.

Van hulle trop van 31 diere het die man en vrou drie sterk koeie vir hulle tiende uitgesoek en ‘n bul as hulle *belofte* offergawe. “Die Bybel sê dat alles aan God behoort, en ons is slegs Sy rentmeesters,” het Mnr. Mpofu gesê. “Ons lees die Bybel en leer dat God beloof om groot seëninge te gee wat kom indien ons gee. Dit het ons harte so aangeraak omdat die Here so goed vir ons is.”

Hierdie gebaar het nie slegs die besoekende kerkouderlinge aangemoedig wat die diere kom haal het nie, maar dit het ook die aandag van bure en kerklidmate getrek. Verskeie ander het beloof om meer by te dra vir hulle offergawes as gevolg van die Mpofu’s se voorbeeld.

Die sendingoffergawes maak ‘n groot verskil rondom die wêreld en kan die grootste impak maak wanneer dit getrou en gereeld gegee word.

Zimbabwe is tuiste vir Solusi Universiteit. Gestig in 1894, voed hierdie Adventiste inrigting studente van oral oor Suider Afrika op. Sy krag kom van die opofferende gawes en offergawes van miljoene gelowiges rondom die wêreld.

Zimbabwe is deel van die Suider Afrika-Indiese Oseaan streek. Hierdie terrein is tuiste van meer as 4.3 miljoen Adventiste. Ten spyte daarvan dat dit ‘n goed-gevestigde geskiedenis van kerkgroei het, ervaar die mense wat in Suider Afrika-Indiese Oseaan woon, moeilike finansiële probleme wat die kerke en die lidmate in elke land beïnvloed. Ons sendingoffergawes help om ‘n boodskap van hoop te versprei in sommige van die mees uitdagendste areas, veral in die groeiende stede.

Bid asseblief vir die Suider Afrika-Indiese Oseaan streek terwyl kerklidmate daar God se oproep in hulle lewens getrou volg. Die Gekombineerde Offergawe Plan was opgestel deur die kerk om Adventise rondom die wêreld te help om hulle *Belofte* offergawes te gebruik om die werk op ‘n eweredige manier te ondersteun, plaaslik, in hule tuisland, en in elke land. Vra God, “Watter persentasie van my inkomste sou U wil hê dat ek gereeld moet gee, behalwe U tiende?” Bly dan stil en luister, selfs soos wat die Mpofu gesin vir God gevra het wat Hy wou hê dat hulle moet gee. Sê dan biddend, “Ja,” en kyk hoe God u seën wanneer u gehoorsaam.

**Sabbat 26**
**1 Julie 2023**

## Peru: Die Man Met die Koddige Pet

Felipe woon in die stad Lima, Peru. Hy het sy lewe toegewy om die liefde van Jesus met ander te deel. Nie lank gelede nie het Felipe egter gesoek vir 'n betekenisvolle verhouding met God, maar hy het dit nie gevind in die kerke wat hy bygewoon het nie. God het egter nie Felipe geïgnoreer nie. Hy het 'n pet gebruik om Felipe na die Verlosser en die Adventistekerk te lei.

Elke dag het Felipe gestap om by 'n universiteit te werk. Eendag het hy verby 'n winkel gestap en 'n pet gesien wat sy oog gevang het. Hy was lief vir interessante bofbal pette en het nog nooit een gesien soos die een in die venster nie. Hy het by die winkel ingestap en die pet gekoop. Hy het dit die res van die dag gedra. Felipe was nie bewus van die betekenisvolle slagspreuk op die pet nie.

By die werk het sommige mense vir Felipe gevra of hy geweet het wat die slagspreuk op die pet beteken. Hy het egter nie. Iemand het vir hom gevra of hy 'n Adventis was, en hy het geantwoord, "Nee. Ek is nie 'n Adventis nie." Sy medewerkers se vrae het egter vir Felipe nuuskierig gemaak en daarom het hy gaan soek vir 'n Adventistekerk.

Felipe het 'n man gesien wat lemoene verkoop en het gevra of hy van Adventiste weet.

"Ek is 'n Adventis," het die lemoenverkoper gesê. Die twee het vir 'n tydjie gepraat en die lemoenverkoper het Felipe uitgenooi om die volgende naweek saam met hom na 'n Adventistekerk te gaan. Felipe het ingestem. Toe die twee mans by die kerk aangekom het, het Felipe welkom gevoel en besluit om terug te keer. Nie lank daarna nie, was Felipe seker dat hy God se kerk gevind het – en God se plan vir sy lewe. Felipe het gevra om by die Adventistekerk aan te sluit.

"My lewe is meer as volmaak," sê Felipe. "God het my gebede beantwoord, en nou vertel ek vir ander mense van Hom." Felipe weet dat God enigeen of enigiets kan gebruik, insluitende 'n pet, om 'n siel na die Heiland te lei.

God het 'n duisend maniere om mense se aandag te kry – selfs 'n pet! Hy wil hê dat ons ook 'n deel moet hê om ander aan Jesus voor te stel. Soos wat ons ons tiendes en *Belofte* offergawes getrou aan God terugbring, ondersteun ons die sendingwerk by die huis en rondom die wêreld. Wees deel van God se evangelistiese pogings deur gebed, om te gee, en diegene wat ons ontmoet te vertel dat God hulle liefhet.

**Sabbat 27**
**8 Julie 2023**

### Wêreldbegroting: Waarheen Gaan die Offergawes?

U weet waarskynlik dat ons weeklikse sendingoffergawes en deel van ons *Belofte* offergawes krities is vir die voortgesette groei en onderhoudingswerk van die kerk in elke hoekie van die wêreld. U weet waarskynlik dat sommige projekte in elke divisie onderneem of onderhou word deur deel van u Dertiende Sabbat Offergawe.

Wat van die gereelde sendingoffergawes wat u elke week gee? Waar gaan hierdie fondse heen? Wat ondersteun hulle? En wat bereik hulle? U mag verbaas wees om uit te vind dat u weeklikse sendingoffergawes help om die werk te ondersteun wat deur 400 sendingfamilies rondom die wêreld gedoen word. Inderdaad, 70 persent van die weeklikse sendingoffergawe elke kwartaal gaan om sendelinge en die internasionale werk van die kerk te ondersteun. Verdelings van die Wêreldkonferensie aan wêrelddivisies, unies, en velde help hierdie streke om onderhoubare sendingaktiwiteite te bou in hulle gebiede. Terwyl ons tiendes help om die salarisse van sendelinge te betaal, help ons Sabbatskooloffergawes om die geboue en toerusting te voorsien wat sendelinge mag nodig hê in die uitvoering van hulle werk.

Die oorblywende geld help verskeie inrigtings en agentskappe wat die wêreldkerk bedien. Byvoorbeeld, dit help die deernisvolle mediese werk van Loma Linda Universiteit, die uitreiking van Adventiste Wêreld Radio, en die welwillende bediening voorsien deur Adventiste Ontwikkeling en Noodleniging Agentskap.

In onlangse jare het miljoene mense uit uitdagende gebiede van die wêreld verlossing in Jesus gevind en het by die Sewendedag-Adventistekerk aangesluit. Te danke aan u offergawes, is duisende nuwe gemeentes gestig in onderbereikte gebiede en onder nuwe mensegroepe. Nadat hierdie nuwe gelowiges egter gedoop is, hoe word hulle versorg? Hoe maak ons seker dat hulle nuwe geloof versterk word en dat hulle as dissipels groei? Ses-en-sestig persent van die wêreld se bevolking wag nog steeds om die verfrissende nuus van Jesus te ervaar. U voortdurende ondersteuning van die Sending van die kerk deur u gereelde en sistematiese offergawes, genoem *"Belofte"*, sal help om nuwe werk dwarsdeur die wêreld te laat groei en te onderhou. Hou asseblief hierdie lewegewende rivier aan die vloei.

**Sabbat 28**
**15 Julie 2023**

**Mikronesië: Volg God se Leiding**

Ek is Ellie, en 'n teksboodskap het my lewe verander.

Ek was in my tweede kollegejaar toe 'n vriendin vir my 'n teksboodskap gestuur het. "Hoe sal jy daarvan hou om 'n vrywillige onderwyseres te wees in Chuuk hierdie jaar?" het haar teksboodskap gelees. Verward het ek gewonder, *Wie is Chuck, en waarom moet ek vir hom onderwys gee?* Toe het ek besef dat sy my gevra het om dit te oorweeg om as 'n vrywillige onderwyseres op die eiland Chuuk in Mikronesië te gaan werk.

Ek het uitgevind dat Chuuk Sewendedag-Adventisteskool slegs ses onderwysers gehad het vir sy 150 studente. Hulle het baie dringend meer onderwysers nodig gehad. Ek het vir leiding gebid,'n aansoekvorm voltooi, en 'n paar weke later op 'n vliegtuig geklim na Mikronesië.

Alhoewel Chuuk heel modern gelyk het met die eerste oogopslag, moes ek nie ver kyk om te sien dat tradisionele geestelike geloofsoortuigings mense nog steeds in hulle bevreesde greep vasgehou het. Toe het 'n student vir my vertel dat haar bure se seun deur 'n duiwel aangeval was en dat hy in die lug sou staar en niemand sou herken nie.

Chuuk se tropiese klimaat en fantastiese duikplekke is 'n groot aantrekkingskrag, maar dit verdof in vergelyking met die behoeftes van die eilandmense – 'n volk wat desperaat is vir waarheid. Met die meeste van die studente uit nie-Adventiste gesinne, is Chuuk Skool 'n ware sendingskool, en ek glo regtig dat ek 'n verskil maak in die lewens van die studente en die gemeenskap.

Ek is verbaas oor hoe ver God hierdie ongelooflike reis genoem geloof gelei het. Sommige dae voel my beste nie goed genoeg nie, maar ek glo dat God my hier geplaas het vir 'n rede en my die krag gee wat ek nodig het om Hom te dien. Ek verstaan nou dat die sukses van ons Christelike wandeling somtyds nie gemeet word aan ons eie "goedheid" of vermoë nie, maar deur hoe ons na God se stem luister en dit gehoorsaam.

God roep elkeen van ons om ons geloof uit te brei, of dit nou is om te gaan waarheen Hy ons roep, of om gereeld en sistematies te gee soos wat Hy ons lei. Om te gee sluit in om God se tiende getrou terug te bring en om na Sy stem te luister wanneer Hy ons roep om 'n ooreenkoms met Hom aan te gaan deur 'n gereelde en sistematiese offergawe, genoem *Belofte"*, te gee, behalwe ons tiende. Hy vra ons om te gee. Ek daag u uit om God te vra, "Watter persentasie van my inkomste wil U hê ek gereeld moet gee as my *Belofte* offergawe?" Luister dan vir Sy antwoord. Om "ja" te sê vir God is die enigste manier om u geloof uit te brei.

Ellie Butikofer is van Alaska, V.S.A.

**Sabbat 29**
**22 Julie 2023**

**Indonesië: Geestelike Lig vir die Blindes**

Mundari (moon-DAH-ree) is ‛n Adventiste man wat in die stad Manado (mah-NAH-doh), Indonesië woon. Hy geniet dit om nuwe vriende vir Jesus te maak. Eendag na werk was Mundari moeg en wou ‛n massering kry. Hy het na ‛n rehabilitasiesentrum vir die gesigsgestremdes gegaan en gevra of ‛n student hom ‛n massering kon gee. Die sentrum het so pas ‛n opleidingskursus in massering voltooi, en een van die studente het met vreugde aangebied om sy nuwe vaardighede op Mundari te oefen.

Gedurende die massering, het Mundari met die student gesels oor werk en lewe in die algemeen. Toe het hy gepraat oor hoe God sy lewe verander het. Hy het verskeie Bybelversies vir die student aangehaal. Die praatjie het ernstiger geword en teen die einde van die massering, wou die student meer van Mudari se geloof hoor.

Daardie eenvoudige massering het Mundari se vriendskap begin, nie slegs met hierdie student nie, maar met ander in die rehabilitasiesentrum. Dit het nie lank geneem vir Mundari om ‛n bediening onder die personeel en studente van die rehabilitasiesentrum te begin nie.

Die rehabilitasiesentrum laat aanbiddingsdienste toe vir hulle Christelike studente, wat geleenthede vir Mundari en lede van die Adventistekerk geskep het om die studente te bedien.

"Ons is bly om die Adventiste te hê wat uitreik na ons gestremde vriende hier," het ‛n personeellid by die rehabilitasiesentrum gesê. "Hierdie mense moet voel dat hulle aanvaar word en dat daar vir hulle omgegee word. Hulle het empatie en ondersteuning nodig van die gemeenskap rondom hulle. Hulle doel is om ‛n onafhanklike lewe te ly en deur die gemeenskap aanvaar te word. Ons is dankbaar vir die aktiwiteite wat hier deur die Adventistekerk gehou word. Hulle gereelde besoeke sê vir ons dat Adventiste werklik omgee. Sommige organisasies besoek ons eenkeer per jaar, maar die Adventistekerk maak dit ‛n prioriteit om ons gereeld te besoek."

Mundari het die gesigsgestremdes uitgenooi om by die Adventistekerk te aanbid. Baie het sy uitnodiging aanvaar. "Dit bring vreugde in ons harte om te sien hoe hierdie gesigsgestremde mense lofliedere tot God sing," het Mundari gesê.

Mundari en die Adventiste kerklidmate het God se liefde getoon vir hulle gesigsgestremde vriende net soos wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was. Die resultate is nuwe lidmate in die liggaam van Christus.

Behalwe ons individuele sendingwerk, vra God ons om Hom met ons tiendes en ons gereelde en sistematiese offergawes, genoem *"Belofte"* te aanbid. Daardie fondse sal gebruik word om lig te voorsien vir diegene rondom die wêreld wat nog steeds geestelik gestrem is. Laat ons by Jesus se weermag aansluit!

**Sabbat 30**
**29 Julie 2023**

## Rusland: Masha se Nuwe Skool

Masha [MASH-uh] was mismoedig en het gevoel dat sy nie vriende in haar skool gehad het nie. Haar moeder het vir Masha gevra of sy daarvan sou hou om Zaoksky [za-OHK-skee] Christelike Skool by te woon, ʽn Adventiste laerskool naby hulle huis. Masha wou ʽn nuwe begin in haar lewe hê en daarom het sy ingestem.

Masha het skamerig in haar nuwe klaskamer ingeloop. Die skool was aangenaam, en die studente was vriendelik. Masha het egter nog steeds eensaam gevoel. By die ete het een van haar nuwe klasmaats by Masha gesit en vir haar gevra om haar vriendin te wees. Toe het ʽn ander meisie vir haar gesê dat Jesus haar liefhet en haar beste vriend wil wees. Masha was verbaas dat die meisies so vriendelik was. Masha het ʽn stil plekkie gevind en haar hart tot God uitgestort. Van daardie oomblik af het Masha se lewe verander. Sy het besef dat Jesus regtig haar Verlosser en haar Vriend is. Spoedig het Masha haarself bevind dat sy aktief deelgeneem het in klaswerk, met die wete dat die ander kinders haar sou help en haar vriende sou wees.

Kinders kom na Zaoksky Christelike Skool vir baie redes. Ivan sê dat hy van die gelukkige onderwysers hou. Baie ander studente sê dat hulle hou van hulle klasmaats en dat die onderwysers vir hulle sê dat Jesus hulle liefhet. Inderwaarheid, baie studente by Zaoksky het geleer om Jesus as hulle Verlosser lief te kry, net soos wat Masha gedoen het.

Die skool het begin met slegs ʽn paar studente wat in kamers op die kampus van Zaoksky Universiteit ontmoet het. Nou het dit 200 studente en hulle eie gebou. Die skool hoef nie te adverteer vir studente nie omdat baie mense van die skool uitvind deur vriende en bure.

Zaoksky Christelike Skool se gewildheid het egter ʽn nuwe uitdaging geskep: spasie. Die skool kan nie meer kinders aanvaar totdat dit vergroot is nie. Baie mense in die gebied wil hulle kinders inskryf sodat hulle ʽn Christelike opvoeding kan ontvang. Ons kan help om ʽn groter skool te bou vir hierdie kinders en ander wat wil kom, maar op die oomblik nie kan kom nie.

Ons tiendes behoort aan God, daarom bring ons dit terug na Hom om ons predikante, sendelinge, en ander werkers vir God rondom die wêreld te ondersteun. Ons *"Belofte"* offergawes is ook God se eiendom en behoort ideaal gesien, verdeel te word om die kerk se werk plaaslik en rondom die wêreld te ondersteun. Dit sluit in skole, hospitale, klinieke en baie ander inrigtings wat help om mense na Jesus te lei. Kom ons maak ʽn ooreenkoms met God om gereeld ʽn spesifieke gedeelte of persentasie van ons verdienste te gee sodat ons deel kan hê in God se werk rondom die wêreld.

**Sabbat 31**
**5 Augustus 2023**

**V.S.A.: Hoop vir Voormalige Oortreders**

Nadat hy drie jaar in die tronk deurgebring het vir inbraak, was Shane Echols vasberade om ‛n nuwe lewe te begin. Hy was egter al vantevore in die tronk en het geweet dat sy kriminele rekord dit baie moeilik sou maak om werk te vind en aanvaarding in enige gemeenskap. Die eerste keer het hy parool gekry, maar het uiteindelik weer in die tronk beland. Hierdie keer was hy vasberade dat dit nie weer sou gebeur nie. Hierdie keer het hy ‛n rede gehad om te glo dat dit moontlik was.

Terwyl Shane in die tronk was, het hy Jeffrey Cobb, ‛n voormalige prisonier ontmoet, wat Christus en ‛n roeping gevind het. Hy het geweet hoe moeilik dit was om werk en behuising te vind nadat ‛n persoon uit die tronk vrygelaat was. Hy het geweet dat God hom gelei het om voormalige oortreders te help met hulle dringendste behoeftes – werk en ‛n plek om te woon. Toe hy vrygelaat was, het Jeffrey sy belofte aan God gehou en Skuiling Teen die Storm, ‛n oorgangstuiste of halfweghuis gestig vir voormalige oortreders. Sy oorgangshuis het skuiling gebied vir vier mans op ‛n keer, en sy tuindienste voorsien hulle met werk. Jeffrey het vir Shane ‛n plek om te bly beloof en ‛n werk in sy tuindienste na sy vrylating. Shane is vry en bou ‛n nuwe lewe.

Die meeste V.S.A. tronke het ‛n gebrek aan programme om prisoniers op te lei in nuttige vaardighede sodat hulle werk kan vind wanneer hulle uit die tronk vrygelaat word. Progamme soos die van Jeffrey help om die gaping te vul.

Ander het ook hierdie oproep gevoel. Earl Gator het elf jaar in die tronk deurgebring. Hy skryf sy gesin se ondersteuning en Adventis James Settles die eer toe wat hom gehelp het om uit die tronk te bly. "James het my onder sy vlerk geneem en my geleer hoe om te verf," het Earl gesê. "Nou is ek ‛n verfkontrakteur." Settles, die stigter van die Nashville gebaseerde oorgangs-lewensprogram, genoem Aphesis Huis, het sy lewe omgekeer in die tronk. Aphesis Huis bedryf nou vier fasiliteite wat 28 mans kan bedien, maar daar is ‛n waglys van ongeveer 200 mans.

God gebruik Aphesis Huis om manne te voorsien met die lewensvaardighede wat hulle nodig het om ‛n beter lewe te leef na die tronk. Die terugval-voorkomingsprogram en gedragsmodifisering klasse is veral ‛n hulp om hierdie mans se lewens te verander.

U *Belofte* offergawes help programme soos die om mans en vrouens wat die tronk verlaat te ondersteun en hulp nodig het met die vestiging van ‛n nuwe lewe buite die tronk en binne-in God se beskermende liefde. Om in God se werk te belê, is ‛n manier om in vennootskap met Hom te tree om Sy koms te verhaas!

___Lucas L. Johnson II is ‛n voormalige verslaggewer vir Associated Press. Herdruk en aangepas met toestemming van die *Southern Tidings.*

**Sabbat 32**
**12 Augustus 2023**

## Ongenoemde Land: God se Talentvertoning

Sarah en haar gesin woon in 'n land waar Christene nie welkom is nie. God het egter altyd maniere waarop hulle deur hul dade liefde vir Hom kan toon. Toe Sarah begin skoolgaan het, het sy haar onderwyser gevra om toe te laat dat sy Saterdae kon afkry sodat sy kerk kon bywoon.

"O, maar jy *sal* skool bywoon op Saterdag," het die onderwyser streng gesê.

Sarah het besluit om niks meer te sê nie; maar op Sabbat het sy kerktoe gegaan, selfs alhoewel haar onderwyser gedreig het om haar uit die skool te verban. Die hele jaar lank het Sarah stilweg kerktoe gegaan op Sabbat ten spyte van haar onderwyser se dreigemente.

Die volgende jaar het Sarah 'n onderwyser gehad wat haar toestemming gegee het om op Saterdae kerktoe te gaan. Na aan die einde van die skooljaar het die onderwyser die jaarlikse talentvertoning aangekondig. Sarah was gekies om haar klasaanbieding te beplan. Sarah het vir die onderwyser gesê, "Die enigste liedjies wat ek ken, gaan oor God."

"Dit is goed," het die onderwyser gesê.

Sarah het haar geliefkoosde lied gekies en bewegings beplan om die lied se betekenis duidelik te maak en die plek van 'n dans in te neem. Die studente het hard gewerk aan die aanbieding. Toe het die skoolhoof aangekondig dat die talentvertoning op Saterdag sou plaasvind.

Teleurgesteld het Sarah vir haar klasmaats gesê dat sy nie by die vertoning sou wees nie. Haar klasmaats was teleurgesteld. "Wat sal ons sonder jou leierskap doen?" het een meisie gevra.

"Sal jy saam met my bid dat God dit so sal bewerk dat ons saam sal kan optree?" het Sarah gevra. Haar vriende het ingestem.

Die dag voor die talentvertoning het slegte weer begin, en die skoolhoof het die talentvertoning uitgestel tot Sondag.

"Wat!" het haar klasmaats gesê. "Jou God is wonderlik! Nou kan jy ons lei in die talentvertoning!" Die vertoning was 'n groot sukses. Studente het vir Sarah gevra vir die mooi musiek wat sy gebruik het. "Dit is 'n lied oor God," het sy gesê. Sarah het besef dat sy God se liefde met ander kon deel. Al wat sy moes doen, was om Hom te gehoorsaam.

Sommige Christene gaan na ander lande in die geheim as sendelinge wat hulle geloof deel in God in gevaarlike plekke soos die land waar Sarah woon. Bid asseblief vir die mense wat stilweg in hierdie lande werk sodat diegene wat niks van God weet nie, kan leer van Sy liefde en verlossing. En wees getrou om gereeld u *Belofte* offergawes te gee sodat die kerk meer geheime sendelinge in plekke kan plant waar daar nie baie van Christene gehou word nie.

**Sabbat 33**
**19 Augustus 2023**

## Laos: 100 Woorde 'n Dag

Nung is 'n tiener wat in Laos, 'n bergagtige land in Suid-oos Asië woon. Sy wou Engels leer sodat sy eendag 'n Engelssprekende universiteit kon bywoon. Toe sy gehoor het van 'n Adventiste Engelse taalsentrum wat in haar dorp geopen het, het sy gretig ingeskryf.

Nung het haar studies baie ernstig opgeneem. Sy het 'n doel gestel om 100 Engelse woordeskat woorde elke dag te leer. Nung het nie enige Engels geken nie, maar sy het hard gewerk en vinnig begin om die taal te verstaan. Sy het klasse getrou bygewoon en met inheemse Engelssprekendes geoefen by elke geleentheid totdat sy in staat was om Engels vlot te praat.

Die Adventiste Engelse taalsentrum in Laos het Nung meer as Engels geleer. Dit het 'n kans voorsien om van Jesus te leer. Nung en haar moeder was onder die eerstes om by die sentrum se weeklikse Sabbatoggend aanbiddingsdienste aan te sluit. Slegs sewe mense het na die eerste byeenkoms gekom. Vandag kom meer as 100 mense elke week! Nung en haar moeder het hulle Bhoeddiste geloof opgegee en hulle harte aan Jesus gegee.

Om Engels te praat, het dit vir Nung moontlik gemaak om 'n Adventiste universiteit in Thailand by te woon waar sy besig is om opvoeding en sielkunde te studeer.

In sommige dele van Laos, is dit baie moeilik om mense met die kennis van Jesus te bereik. Die Engelse taalsentrum is 'n uitstekende manier om jonk en oud te bereik met die evangelie terwyl hulle 'n belangrike vaardigheid geleer word.

Die Engelse taalsentrum is nie die eerste poging om 'n Adventiste-gemeente in die streek waar Nung en haar moeder woon te plant nie. Jare gelede het 'n sendinggesin 'n stad in Laos binnegegaan en die Lao mense daar aan Jesus voorgestel. Na vier jaar was die gesin gedwing om die streek te verlaat as gevolg van oorlog, en het 'n handjievol nuwe gelowiges agtergelaat wat nog baie jonk in hulle geloof was. Vandag bly daar slegs een adventis in die stad Luang Namtha oor, 'n stad wat strategies is as Laos se noordelike poort na Sjina. Die Kerk werk daaraan om 'n Adventiste teenwoordigheid in hierdie streek van Laos te hervestig.

Die Lao Adventiste Sending beplan om 'n tweetalige laerskool hier te bou wat gesinne met kinders sal bereik wat verlang om in 'n Christelike internasionale omgewing te studeer. Ons geloof-gedrewe *Belofte* offergawes help om honderde projekte soos hierdie nuwe skool 'n werklikheid te maak en 'n baie belangrike uitreiking vir Jesus in noordelike Laos en rondom die wêreld.

**Sabbat 34**
**26 Augustus 2023**

## Angola: Die Blinde Seun Sien Jesus

Terwyl hy eendag gespeel het, het 10-jarige Ricardo kop-eerste geval toe hy oor 'n draad gespring het. Spoedig het hy begin om sy sig te verloor. Binne 'n paar maande kon hy nie op die swartbord by die skool sien nie. Uiteindelik het die onderwyser Ricardo huistoe gestuur en gesê, "Ek kan nie 'n blinde seun leer nie."

Ricardo se ouers het hom na baie dokters geneem, maar niemand kon hom help nie. Hulle het gesê dat hy uiteindelik blind sou word. Ricardo was baie hartseer dat hy nie langer sokker kon speel, 'n fiets kon ry, of wegkruip-ertjie saam met sy vriende kon speel nie.

Ricardo se ouer nefie het vir Ricardo uitgenooi na 'n Baanbrekerklub uitstappie, maar Ricardo was huiwerig. Ricardo se nefie het hom oortuig om te gaan, en Ricardo was verras dat hy in die aktiwiteite kon deelneem. Ricardo was bly dat hy gegaan het.

Uiteindelik het Ricardo by die doopklas aangesluit om voor te berei vir die doop. Die leier het die wat verlang het om gedoop te word, gevra om die Tien Gebooie te memoriseer. Ricardo was bang dat hy nie gedoop sou kon word nie omdat hy nie kon lees nie, maar sy moeder het hom aangemoedig. "As dit God se wil is, sal jy gedoop word," het sy gesê.

Ricardo se suster het aangebied om die Tien Gebooie elke dag vir Ricardo te lees. Teen Vrydag kon Ricardo die Tien Gebooie opsê. Die ouderling het hom gelukgewens toe hy die volgende dag gedoop is.

Eendag het die Sabbatskoolleier Ricardo gevra om die sendingverhaal die volgende week te vertel. Sommige kerklidmate was bekommerd dat hy verleë sou voel omdat hy nie kon lees nie, maar die Sabbatskoolleier het vir Ricardo gevra, "Sal jy volgende week die storie vertel?" Ricardo het sy kop geknik. "Dan sal ek jou naam op die program sit."

Weer het Ricardo se suster die sendingverhaal vir hom gelees, en hy het dit gememoriseer. Op Sabbat het Ricardo die storie vol vertroue vertel. Toe hy klaar was, het luide "Amens" die kerk gevul. Sulke ervarings het vir Ricardo die vertroue gegee dat hy vir God kon werk.

Vandag is Ricardo 'n universiteitstudent wat voorberei om 'n predikant te word. Hy lei 'n Baanbrekerklub en preek in kerke rondom Angola. Dosyne mense het hulle lewens aan Jesus gegee nadat hulle sy preke en getuienis gehoor het.

Die seun wat gedink het dat hy nie enigiets werd was omdat hy blind was, het geleer dat met God se hulp, hy enigiets kan doen. God se kinders kan getrou hulle tiendes en *Belofte* offergawes teruggee wanneer ookal hulle 'n inkomste ontvang.

Ons *Belofte* offergawes is geskenke aan God, nie aan die kerk nie. Wys Hom u liefde en toewyding deur in geloof te gee.

**Sabbat 35**
**2 September 2023**

**Brasilië: Die Verjaarsdag Sop**

Juliana se verjaarsdag het voorgelê en sy wou op haar verjaarsdag sop maak vir die haweloses.

"Om sop te maak, is harde werk," het Mamma gesê. "Dit kos baie, en ons het nie 'n pot wat groot genoeg is om sop te kook vir baie mense nie."

Juliana was nie mismoedig nie. "God sal voorsien wat ons nodig het vir die sop." Juliana het by 'n Baanbrekerbyeenkoms geleer dat God in ons behoeftes kan voorsien. Mamma was bly dat Juliana God liefgehad het, maar Mamma het nie kerktoe gegaan nie.

Juliana het gebid oor die sop, en God het vir haar 'n idee gegee. Die volgende dag het Juliana haar bure besoek en gevra of sy 'n groot pot kan leen om sop vir die hongeres te maak. Twee bure het vir haar hulle grootste potte geleen. Die volgende dag het Juliana die naaste kruidenierswinkel besoek en vir die bestuurder gevra of hy groente sou skenk om sop vir die haweloses te maak. Hy het ingestem en vir haar 'n sak groente gegee. Juliana het verskeie ander winkels besoek en vir groente gevra, en elkeen het vir haar sakke bestanddele gegee. Juliana het teruggekeer huistoe en 'n waentjie vol groente getrek.

"Wat is hierdie?" het Mamma gevra toe sy die sakke kos sien.

"Dit is die bestanddele vir die sop!" het Juliana met 'n glimlag gesê. "En hier is die potte. Sommige dames van die kerk sal more kom om te help om die sop te maak." Mamma was verbaas oor Juliana se plan. Met die hulp van die Adventiste vroue het hulle baie sop gemaak.

Die volgende dag het Juliana en haar Mamma en die dames van die kerk die sop klaar gemaak en die potte in 'n stasiewa gelaai. Hulle het in die dorp rondgery om die haweloses en honger mans en vroue te kry wat gewag het om te eet. Een meisie het aangekondig dat dit Juliana se verjaarsdag was en dat sy die sop vir hulle gemaak het. Die hawelose mense het haar toegejuig en vir Juliana gesing, "Veels Geluk met Jou Verjaarsdag".

Mamma het besef dat Juliana gevul was met God se liefde. Mamma wou ook God se liefde voel. Sy het begin om kerk by te woon saam met Juliana, en 'n paar maande later, het Mamma Jesus gevra om in haar te kom. Vandag, voed Juliana, haar mamma, en verskeie ander kerklidmate die haweloses tweekeer per maand.

Juliana en haar mamma het nie die geld of tyd om die sop te kook nie, maar Juliana glo dat God in haar behoeftes sal voorsien "volgens Sy rykdom" (Fil. 4:19). Hy sal in ons behoeftes voorsien wanneer ons Hom vertrou en Hom ons gereelde en sistematiese offergawes, genoem *Belofte* gee.

**Sabbat 36**
**9 September 2023**

### Ongewone Geleentheid: Wanneer God ‛n Deur Oopmaak

God werk op wonderlike maniere om deure oop te maak om Sy boodskap van liefde en geloof rondom die wêreld te versprei. En ons offergawes word aangewend om in die behoeftes van die nuwe bedieninge te voorsien. Wat gebeur egter wanneer noukeurig beplande evangelistiese byeenkomste meer suksesvol is as wat verwag word? Skielik word bestaande kerke te vol en nuwe kerke moet vinnig gebou, gehuur, of gekoop word. Dit kos egter geld – geld meer as die beplande bedrag wat die divisie opsy sit voor die evangelistiese byeenkomste begin het. Hoe kan die divisie kerke voorsien wat nuwe gelowiges nodig het om geestelik te groei?

Vir jare was die Adventistekerk geseën met radio- en televisieprogramme wat wêreldwyd uitgebrei het. Nuwe stasies open dwarsdeur die wêreld en nuwe tale bereik duisende nuwe luisteraars elke jaar. Hierdie uitbreiding vereis egter meer toerusting, meer personeel, en meer satelliettyd. Wanneer ‛n onverwagte geleentheid kom, wat die Kerk toelaat om uit te reik na ‛n andersins onbereikbare streek van die wêreld, hoe voorsien die Kerk fondse om so ‛n groot stap vir God moontlik te maak?

God het die Kerk beïndruk om ‛n manier te vind om voor te berei vir die onverwagte deur ‛n fonds met hulpbronne te stig wat beskikbaar sal wees wanneer sodanige onverwagte seëninge na God se volk kom. Dit word die Ongewone Geleenthede Offergawe genoem. Vir Adventiste wat woon waar die Gekombineerde Offergawe Plan alreeds aanvaar is (meer as 90% van die Adventiste bevolking), sal ‛n bepaalde deel van al hulle ontoegewese offergawes, wat te eniger tyd opgeneem word, outomaties na hierdie fonds gaan. Vir diegene wat egter woon in areas wat nog verskillende offergaweplanne gebruik, word ‛n spesiale offergawe vir hierdie fonds eenkeer per jaar opgeneem. Vandag is ‛n nuwe geleentheid om daardie fonds te versterk sodat die kerk gereed is wanneer God “ja” sê vir ons gebede.

Miskien onthou u dat toe die Sowjet Unie in ‛n aantal verskillende streke opgedeel was in die vroeë 1990’s. Skielik het beperkings wat Christene verhinder het om openlik oor God te preek in die lande wat die voormalige Sowjet Unie opgemaak het, weggeval en honderde predikante het hierdie uitgestrekte streke binnegegaan en God se liefde met miljoene gedeel. Die koste van hierdie uitreiking was hoog, maar fondse van die Ongewone Geleenthede fonds het gehelp om hierdie evangelistiese uitreiking moontlik te maak.

God het baie planne om ander vir Sy koninkryk te bereik. Kom ons doen ons deel vandag om gereed te wees wanneer die geleenthied kom om vir God uit te reik.

**Sabbat 37**
**16 September 2023**

### Ethiopië: Aanbid in ‘n Skeepshouer

Twaalfjarige Bamlak [BOM-LOCK] woon in Addis Ababa, Ethiopië. Sy hou daarvan om Bybelstories te vertel deur haar kleurvolle viltprente te gebruik. Sy is die onderwyseres van die kinder Sabbatskoolklas, wat in ‘n skeepshouer wat langs die kerk staan, ontmoet.

Op enige gegewe dag van die week, nooi kinders hulle vriende om in die klaskamer bymekaar te kom om te sing en speletjies te speel soos alledaagse Bybelspeletjies. Hulle organiseer hulle eie program vir die week se byeenkomste.

Teodrow [TEE-OH-DROH] se gesin woon naby die kerk en kon die sang van sy huis af hoor. Toe hy nog baie jonk was, het hy in die straat afgedrentell om te gaan kyk waar die musiek vandaan kom. Hy het daarvan gehou! Spoedig was Teodrow en sy boeties en sussies elke Sabbat by die kerk.

Hulle ouers het opgelet dat die kinders verander het, en hulle was nuuskierig oor waar hulle so baie tyd deurbring. Die kinders het hulle ouers gesmeek om saam met hulle kerktoe te kom. Toe hulle uiteindelik gekom het, was hulle beïndruk deur wat hulle gesien het; dit was die regte kerk vir hulle gesin. Vyftien jaar later is hulle nog steeds dankbaar vir hulle kinders wat hulle aan die Adventistekerk voorgestel het.

Bamlak en die ander kinders bid vir meer spasie in hulle Sabbatskool houer sodat hulle meer vriende kan uitnooi om te kom en aanbid.

Wanneer kerkleiers die belangrikheid daarvan verstaan om kinders te bedien, streef hulle daarna om ‘n eenvoudige kamer, of selfs ‘n skeepshouer, buite die kerkgebou te voorsien wat as die kinderafdeling sal dien. Hierdie “Lammertjieskuilings” beskerm die kinders teen die warm son, reënstorms, en dinge wat hulle aandag kan aftrek. Kinders lei dikwels hulle ouers na Jesus en bou sodoende die kerk van die kinders op. Ons weet dat die tiende en gereelde offergawes God se deel is, en dat daar verwag word om dit aan Hom terug te bring uit ons verdienste. Selfs alhoewel die tiende ‘n gedeelte van ons inkomste verteenwoordig wat deur God bepaal is, is offergawes vir ons om te besluit watter persentasie om vir Hom te gee. Eerder as om ‘n muntstuk of papiergeld in die offergawehouer te gooi om die kerk te ondersteun, vra vir God biddend watter persentasie van u inkomste Hy wil hê dat u gereeld, elke week of maand, moet gee wanneer u u salaris ontvang. Vra Hom om u dan te seën en sien hoe Hy “elke behoefte van u sal vervul na Sy rykdom” in Christus Jesus (Fil. 4:19).

**Sabbat 38**
**23 September 2023**

## Indonesië: Die Sabbatonderhoudende Hond

Die dorpenaars het langs die landingstrook bymekaar gekom terwyl sendingloods, Gary, sy vliegtuig by Suminka, 'n afgeleë dorpie op 'n Indonesiese eiland laat land het. Terwyl Gary uit die vliegtuig geklim het, het een man na die drie engele gewys wat op die vliegtuig geskilder was en gevra, "Is hierdie 'n Adventiste vliegtuig?" Verras het Gary vir die man gevra hoe hy van Adventiste geweet het. Gary het geluister terwyl die dorpenaars vir hom vertel hoe hulle hond hulle geleer het om die Sabbat te hou.

Verskeie jare gelede, het 'n Adventiste predikant met die naam Moses en 'n kerklidmaat met die naam Darius 'n droom gehad waarin 'n engel vir hulle gesê het om na Suminka te gaan en te preek. Die twee mans het geweet dat God hulle geroep het, en daarom het hulle op 'n drie-dag staptoer gegaan na Suminka.

Toe hulle by die dorpie aangekom het, het hulle aangekondig dat hulle vir 'n week onder die dorpsboom evangelistiese byeenkomste gaan hou. Op die eerste dag het Leraar Moses egter siek geword met malaria. Die dorpenaars het gedink dat hy sou sterf.

Leraar Moses was die hele dag koorsig. Toe teen 5:00 het sy koors gebreek. Hy het opgestaan en gepreek, maar toe hy klaar was, het sy koors teruggekom. Dit het elke dag gebeur. Hy was die hele dag siek, maar om 5:00 het hy gepreek oor God se liefde, die Sabbat en 'n gesonde dieet.

Toe Leraar Moses egter 'n oproep aan die dorpenaars gemaak het om Jesus te aanvaar, het niemand gereageer nie. Die byeenkoms het geëindig en die twee mans het teleurgesteld huistoe gegaan.

Die lewe het na normaal teruggekeer in die dorpie – tot Saterdag. Die dorp se jaghond, Dolby, het vroeg opgestaan en stadig na die boom geloop waar die evangelis gepreek het. Toe sy eienaar hom geroep het om te gaan jag, het Dolby geweier om te beweeg. Dolby het elke ander dag gejag, maar nie op Saterdag nie.

Die dorpenaars het opgelet dat Dolby opgehou het om wildevark te eet. "Dolby het 'n Sewendedag-Adventis geword!" het een dorpenaar gesê. "As hy op Sabbat aanbid, behoort ons dit ook te doen," het 'n ander gesê. Baie dorpenaars het begin om die Sabbat te hou en het opgehou om wildevarke te eet.

Toe loods Gary vir Leraar Moses die storie vertel het, het Leraar Darius na die dorpie gevlieg om die dorpenaars te leer. Vandag aanbid ongeveer die helfte van die 200 dorpenaars God op Sabbat.

Ons aanbid God op baie maniere —deur die Sabbat te hou, deur gebed, deur andere van God te vertel, en om God se tiende terug te gee en getrou ons gereelde offergawes, genoem "*Belofte*," te gee. God het nie ons geld nodig nie, maar Hy wil hê dat ons moet leer om Hom te vertrou om in ons behoeftes te voorsien (Fil. 4:19) wanneer ons Hom eerste in ons lewens maak.

**Sabbat 39**
**30 September 2023**

### Brasilië: Die Drywende Kerk

Die massiewe Amasone Rivier strek 4,000 myl (6,400 km) vanaf die berge van Peru tot by die Atlantiese Oseaan. Amair Jesus [ah-MAYR hay-SOOS] woon in ‛n dorpie langs die Amasone. Elke dag roei hy sy klein bootjie van dorpie na dorpie, en kyk uit vir krokodille en dodelike slange. Wanneer hy elke dorpie bereik, bid Amair en vra God vir ‛n seën op sy pogings. Hy laat dan geen tyd verlore gaan om vir die mense wat daar woon van Jesus se liefde te vertel nie.

Amair besoek ‛n vrou wat deur ‛n moeilike tyd gaan. Hy herinner haar dat die hemel hare is as ‛n gelowige. Daar sal sy geen pyn of lyding of trane ervaar nie. Sy boodskap klink soet in haar ore. Amair sluit met gebed vir vrede en ‛n seën op die vrou se huishouding.

Toe Amair uitstap, groet hy ‛n groep kinders wat speel. Hy stop en praat met hulle oor God se opwindende plan vir hulle lewens. Amair is hulle vriend en hulle vertrou hom terwyl hy hulle aan ‛n Verlosser voorstel wat omgee.

Amair verduidelik sy werk op hierdie manier: "Ons besoek mense, kyk om hulle behoeftes te identifiseer en te help hoe ons ookal kan. Ons maak vriende en leer hulle van God. Deur die mense te help, kan ons versperrings afbreek sodat ons die evangelie na hulle kan bring."

Die groot uitgestrektheid van die Amasone Rivier maak hierdie sending ‛n uitdagende werk vir predikante en lidmate soos Amair.

Vir jare het die plaaslike Adventiste leiers daarvan gedroom om ‛n boot te bou wat God se boodskap na die mense kon bring wat op die rivier se oewers woon. Byna 100 jaar later het Leo Halliwell die eerste Luzeiro sending-boot te water gelaat wat mediese en geestelike versorging vir die mense voorsien het wat op die Amasone woon, hierdie nuwe boot het ‛n werklikheid geword. Die nuwe boot en sy predikant voorsien hoop en konneksie met hulle kerk aan die dorpenaars langs die Amasone.

Projekte soos die sendingboot kan baie meer bereik as die kleiner bote soos die van Amair. Wanneer God se volk ‛n groot projek voorsien, baie groter as wat een konferensie of unie alleen kan ondersteun, kan hulle saamstaan om die projek ‛n werklikheid te maak. Dit maak nie saak waar ons woon nie, ons kan help deur ons gereelde en sistematiese offergawe aan God te gee om die projek ‛n werklikheid te maak. Daarby kan ‛n spesiale opofferende offer-gawe gegee word soos aangespoor deur die Heilige Gees.

Kom ons hou aan om ons offergawes aan God te gee sodat baie meer mense die woord van God kan hoor waar hulle ookal woon.

**Sabbat 40**
**7 Oktober 2023**

**Kenia: Bereik die Samburu Mense**

Vir jare was die verkondiging van die evangelie aan afgeleë nomadiese mensegroepe soos die Samburu van Kenia, ‗n uitdaging. Hierdie mense volg hulle beeste en dwaal oor die land om weiding te vind om hulle te voed. So hoe deel ‗n persoon die evangelie met sulke mense wat gedurig aan die beweeg is?

Lawrence is ‗n Samburu wat ‗n paar jaar gelede aan Jesus voorgestel was. Hy het saam met twee predikante gestudeer om homself voor te berei om God se liefde met sy mense te deel. Hy ken die taal en gebruike en het sy lewe toegewy om ‗n Wêreld Sendingbaanbreker te wees, wat God se liefde met sy mense deel op ‗n manier wat hulle verstaan.

Gedurende die afgelope twee jaar het die Samburu die liefde van God leer ken en Jesus in hulle harte aanvaar. Hulle ontmoet elke Sabbat onder ‗n boom om God se woord saam met Lawrence te studeer. Die Samburu mense is lief om te sing en hulle waardeer hulle tyd saam. Hulle bring die Sabbatdag deur deur stories te vertel, te sing en saam te eet.

Daar naby is hulle eenvoudige huise, waar die Samburu in die aand slaap. Hulle huise word gemaak van materiaal wat wissel van dierevelle tot leë ryssakke en stokke. Hierdie tipe huise kan maklik opgepak word om te trek wanneer die groep nuwe weivelde vir hulle diere moet vind.

Die Samburu mense se huise is hulle veilige plek, waar hulle beskerm sal word teen gevaarlike diere soos leeus en olifante. Hulle huise is ‗n skuiling vir die gesin, en om in hierdie spasie ingenooi te word, is ‗n voorreg. Die Samburu mense reik hierdie voorreg uit na Lawrence, en laat hom toe om lesse uit die Bybel in hulle huise te deel. Hy besoek hulle dikwels en hulle sien uit daarna om te luister terwyl hy die Bybel lees en saam met hulle bid.

Hierdie Samburu groep het die liefde van God leer ken, maar hulle is slegs een van die soortgelyke nomadiese groepe dwarsdeur Oostelike Afrika. Bid asseblief vir die onbereikte mensegroepe in hierdie streek van die wêreld en vir Wêreld Sendingbaanbrekers soos aLwrence, wat God se antwoord om te dien, beantwoord het.

Ons getroue *Belofte* offergawes ondersteun nie slegs die plaaslike sendingwerk nie, maar ook pogings om andere rondom die wêreld van Jesus te leer op ‗n manier wat hulle kan verstaan. Ons offergawes gaan waar ons nie kan nie, so laat ons elke poging aanwend om God se liefde te deel deur ons milde en gereelde offergawes.

**Sabbat 41**
**14 Oktober 2023**

**Chad: Seekoeie, Mango's en Sendingkinders**

Chad is 'n land omring deur ander lande in die hart van Afrika. Ver van die hoofstad af staan Bere Adventiste Hospitaal, die enigste gesondheidsorg fasiliteit beskikbaar in die streek. Drs. Olen en Danae {Dan-AY] Netteburg en hulle gesin is in beheer van die hospitaal en sy pasiënte. Die Netteburg kinders gee ons 'n kykie in die lewe in hulle sendingveld.

Haai! Ons is die Netteburg kinders. Ons ouers is sending dokters, maar ons is ook sendelinge omdat ons daarvan hou om mense van Jesus te vertel.

**Juniper, 6 jaar oud:** Ek hou van diere. Mense bring vir ons diere soos baba-bokkies. Iemand het selfs vir ons 'n kameel gegee! Die plaaslike mense maak hulle hier groot. Ons bly in 'n Kampong – 'n klompie huise met 'n muur rondom hulle. Ons het baie mangobome. Gedurende die mangoseisoen, het ons nie middagete nodig nie; ons pluk net mango's van die bome af! My moeder en ek gee babaklere en komberse vir nuwe mammas terwyl ons met hulle oor Jesus praat.

**Addison, 8 jaar oud:** Ek hou daarvan om die dorpie hier naby te besoek. Daar is herders en boere wat leef van wat hulle kan plant. Op Sabbat, spring ons op die trok en ry na 'n afgeleë dorpie om God onder 'n groot mangoboom te aanbid! Ons leer kinders en hulle ouers Bybelstories en liedjies. Dit maak my hartseer om te dink aan al die kinders wat nie van Jesus weet nie.

**Zane, 10:** Ek hou daarvan om te swem in 'n nabygeleë rivier gedurende die somer. Ons moes egter ander riviere vind as gevolg van seekoeie wat ons rivier oorgeneem het. Seekoeie is gevaarlik, so ons kan nie saam met hulle swem nie! Ek hou daarvan om goed te maak soos boë en pyle. My vriende van Chad kan die wonderlikste dinge maak uit rommel – soos motors en selfs vliegtuie! Die meeste mense hier weet nie van Jesus nie en daarom vertel ek mense dat Jesus hulle liefhet.

**Lyol, 13:** Daar is so baie om hier te doen! My mamma doen baie operasies. My pa sorg vir die siek pasiënte en sien dat dinge in die hospitaal glad verloop. Ons kry ook onderrig van hom by die huis. Ons het pret hier, maar ons werk is ernstig, en ons wil hê dat almal Jesus moet ken. Wanneer u vir God u tiendes en *Belofte* offergawes gee, onthou dat dit help om die 400 sendelinge rondom die wêreld te ondersteun asook Wêreld Sendingbaanbrekers. Dankie dat u ons ondersteun terwyl ons mense van God leer. Dit is waarvoor ons hier is.

**Sabbat 42**
**21 Oktober 2023**

## Chili: Sebastian se Doel vir God

Sebastian hou daarvan om sokker te speel, en dus was hy opgewonde toe sy ouers hom ingeskryf het vir sokkerlesse by die Wêreld Sending Lewenshoop Sentrum naby hulle huis in Santiago, Chili. Sebastian het hard gewerk en sy vaardighede het vinnig verbeter. Sy afrigters was jongmense wat diens gedoen het by die Lewenshoop Sentrum as Een Jaar in Sending vrywilligers. Spoedig het hy besef dat hy meer leer as sokker; Sebastian het Jesus ontmoet deur hierdie vrywillige sendelinge. Hy was gretig om sy nuwe liefde vir Jesus met sy ouers te deel.

Dus het Sebastian elke dag na sokkerlesse, wanneer hy saam met sy ouers huistoe geloop het, hulle van Jesus vertel.

Toe het Sebastian se ouma baie siek geword. Sebastian was bekommerd. Hy het vir sy vriende by die Lewenshoop Sentrum vertel. Leraar Cabezas, leier van die Sentrum se uitreikprogramme, en sy vrywilligers het begin om die gesin te besoek en saam met hulle te bid en hulle aan te moedig.

Sebastian se ouers het hierdie besoeke geniet, en met tyd het hulle gevra om die Bybel te bestudeer. Uiteindelik het die liefde van Jesus hulle harte gewen, en was hulle gedoop. Sebastian se ouma het haar krag teruggekry. Die gesin is ewig dankbaar vir die vriendskap en sorg wat gewys was deur die vrywilligers by die Lewenshoop Sentrum. Hierdie vrywilligers offer onbaatsugtig hulle tyd op om ligte van hoop in die gemeenskap te wees.

Leraar Cabezas sê, "Hierdie vrywilligers is gewillig om hulle gawes, talente en vermoëns te gee om ander te dien. Ons het baie tipes werkswinkels, soos kook-, taal- en oefeningklasse wat ons bure na ons bring. Hierdie uitreikprogramme help ons om ons bure te ontmoet en hulle te leer deur Christus se metode te gebruik *(Ministry of Healing*, p. 17). Deur hierdie wekswinkels kan baie mense met Adventiste meng en die Here leer ken."

Sebastian is so gelukkig wanneer hy luister na sy ouers wat praat oor hulle nuwe lewens. Hy sê, "Die Lewenshoop Sentrum het my gehelp om die woord van God in my hart te hê. … Nou kan my gesin saam hemel toe gaan!"

Te danke aan u tiende en gereelde en getroue *Belofte* offergawes, lei uitreikorganisasies van die Adventistekerk elke dag mense na Jesus rondom die wêreld. Dankie dat u getrou gee.

**Sabbat 43**
**28 Oktober 2023**

## Israel: Geen Mens Het Dit Gedoen Nie!

Wisam is 'n lid van 'n magtige anti-Christen familie wat in Nasaret, Israel woon. Toe sy suster 'n Christen geword het terwyl sy in Europa gestudeer het, het die familie Wisam gestuur om haar dood te maak. Wisam was lief vir sy suster en het gehoop dat hy haar sou kon oortuig om haar nuwe geloof op te gee. Hy het haar gevind en vir haar vertel dat die gesin wou hê dat hy haar moes doodmaak. Sy het voorgestel dat hy in Europa bly en by 'n Adventiste skool in Oostenryk studeer.

Wisam het van die idee gehou en gehoop dat hy Christene tot sy godsdiens kon bekeer. Wisam het egter begin belangstel in Jesus, en voor die jaar om was, het Wisam Jesus as sy Verlosser aanvaar en was gedoop.

Wisam het na Nasaret teruggekeer en sy oom vertel dat hy nie sy suster doodgemaak het nie. Baie kwaad het sy oom geskreeu, "Stenig hom!" Die mans het klippe na Wisam gegooi totdat hy bewusteloos neergeval het. Aangeraak met meegevoel het Wisam se vader die ander seuns beveel om Wisam na die hospitaal te neem. Toe Wisam teruggekeer het huistoe, het sy ouers Wisam aangeraai om Israel te verlaat.

Wisam het teruggekeer na Oostenryk om sy pastorale studies te voltooi. Hy het verskeie kerke in Europa bedien voordat hy geroep was om 'n predikant te wees in sy tuisdorp, Nasaret.

Toe Wisam se neefs gehoor het dat Wisam terug was, het hulle 'n bende gelei om hom aan te val. Wisam het sy aanvallers in die gesig gestaar, maar geweier om terug te baklei.Terwyl Wisam van die mense weggedraai het, het sy neef 'n dodelike mes opgetel en hom in sy rug gesteek. Die mes se lem het 90 grade gebuig. Sy neef, wat sy geboë mes gesien het, het dit laat val. Wisam se broer het die nuttelose mes opgetel en gesê, "Probeer nou om die man van God dood te maak!" Een van Wisam se neefs het geskreeu, "Ek sal sterf indien ek jou nie doodmaak nie!"

'n Paar maande later is die twee neefs wat gedreig het om Wisam dood te maak, dood toe 'n trok hulle kop-aan-kop getref het. Hierdie tragiese ongeluk het 'n groot impak op die plaaslike gemeenskap gemaak. Baie het vrae gevra oor Wisam se geloof.

Met tyd het Wisam 'n Stedelike Sentrum van Invloed in Nasaret geopen, waar hy Engels aanbied deur die Bybel as sy teksboek te gebruik. Baie wil Engels saam met hierdie man van God leer.

Wisam se lewe is 'n lig wat in Nasaret skyn. Sy werk word moontlik gemaak deur gelowiges rondom die wêreld wat God se tiendes teruggee en getrou hulle gereelde offergawes gee sodat mans en vroue opgelei kan word om God te dien in moeilike plekke rondom die wêreld. Laat ons getrou gee sodat baie kan dien.

**Sabbat 44**
**4 November 2023**

## Kanada: ‘n Visie van Hoop (Blinde Gemeente)

Neena en haar man, Kevin, woon in ‘n baie hoë woonstelgebou in Toronto, Kanada. Op baie maniere leef hulle ‘n normale lewe. Een ding is egter anders. Neena en Kevin is gesiggestremd.

“Mense wat kan sien, weet nie hoe om blinde mense te behandel nie,” sê Kevin. “Dit is asof ons nie naby hulle is nie. Ek wil graag vir mense wat kan sien, sê om met ons te praat en ons te leer ken.”

‘n Paar jaar gelede was Kevin en Neena gevra om te help om ‘n Adventiste gemeente vir die gesiggestremdes te stig. Die kerk se doel was om blinde mense na Jesus te lei en emosionele en geestelike heling en hoop deur God se wonderlike genade te voorsien.

Die groep, nou bekend as “Hope Vision Fellowship”, was gevorm om in hierdie behoeftes te voorsien. Vandag kom nuwe besoekers gereeld deur die deure omdat hulle weet dat hulle welkom en veilig hier sal voel. Nou met sy eie kerk, kan “Hope Vision Fellowship” sy deure op meer maniere oopmaak vir die gesigsgestremdes.

“Daar is baie gesigsgestremde mense wat ‘n skuilplek nodig het teen die uitdagings wat hulle elke dag ervaar,” voeg Neena by. “Ek wil hê dat hulle welkom en geliefd moet voel.”

Die meeste van die mense wat die kerk bywoon, is nie Adventiste nie. Hulle kom omdat hulle daar veilig voel. Hierdie gemeente doen meer as om in die geestelike behoeftes van ons gemeenskap te voorsien. Ons help ook om te voorsien in sommige van die fisiese behoeftes. Pat, een van die stigterslede, berei voedselpakkies voor vir die lede om huistoe te neem. “Die meeste van ons lede kan nie sommige van die basiese lewensbenodigdhede bekostig nie,” sê Pat. “Sommige maak staat op voedselbanke, maar hulle kan nie altyd daar kom nie. Ons probeer hulle dus help met wat hulle nodig het en om balans in hulle lewens te bring.”

Jesus het die gesigs- en gehoorgestremdes aangeraak, hulle gesond gemaak en hulle geroep om Hom te volg. Hy wil hê dat ons dieselfde moet doen. God vra Sy volgelinge om hulle tiendes terug te bring en om ‘n gereelde en sistematiese offergawe, genoem *Belofte* te gee, elke keer wanneer hulle betaal word. Ons gee die offergawe aan God, nie die kerk nie, en vertrou God om dit plaaslik, streeksgewys, en internasionaal te gebruik soos wat Hy goeddink. Hy beloof op Sy beurt om in al ons behoeftes te voorsien “na sy rykdom” (Fil. 4:19) en ons geloof trek diegene wat nog nie vir Christus ken nie om hulle weg na die voete van Jesus te vind. Kom ons gee gewilliglik en seën oorvloediglik.

**Sabbat 45**
**11 November 2023**

## Wat Sou U Opoffer?

Indien u iemand se lewe kon red deur u eie in gevaar te stel, sou u dit doen? Indien hierdie persoon ‛n vreemdeling was, sou u u lewe waag om hulle te red?

Indien u ‛n verskil kon maak in iemand se lewe deur iets wat u geniet op te offer vir een dag of een week, sou u dit doen? Wat sou u opoffer? ‛n Geliefkoosde maaltyd? ‛n Nuwe paar skoene? ‛n Dag se inkomste? Dink oor wat u hierdie week kan opoffer sodat iemand wat u nie ken nie, aan Jesus voorgestel kan word.

Ons praat oor spesiale of opofferende offergawes, daardie wat gegee word nadat u deur die Heilige Gees aangespoor is, en bykomend en meer as u gereelde sistematiese offergawe, genoem *Belofte*. Indien u gawe klein is, miskien R100, mag dit vyf Bybels of uitreikboeke koop wat iemand van Jesus in hulle eie taal sal vertel. Indien u R250 gee, kan u offergawe help om ‛n seminaar oor gesonde lewenswyse te befonds. En indien u voel dat u een dag se inkomste behoort te gee, kan u offergawe ‛n Wêreld Sendingbaanbreker sponsor in ‛n stad waar die meeste mense nog nooit van Jesus gehoor het nie. Wat u ookal gee, sal u opofferende offergawe gebruik word om ander van Jesus te vertel. En dink net: U opofferende offergawe kan dit moontlik maak om die persoon waarvoor u opgeoffer het in die hemel te ontmoet.

U kan bepaal wat u sal opoffer. Of vra God wat Hy wil hê dat u hierdie week vir Hom moet opoffer bo en behalwe u gereelde tiende en offergawes. Vra God en luister dan na Sy antwoord. Wees vol vertroue dat God in u behoeftes sal voorsien omdat U hom vertrou.

Ons offer op sodat daardie iemand iewers Jesus sal ontmoet, ‛n hawelose gesin sou nie moet bedel vir hulle volgende maaltyd nie, of miskien kan ‛n ryk familie leer dat al hulle rykdom niks beteken sonder Jesus nie. Sou u vir hulle opoffer? Hoeveel is die siel van een persoon werd? Vir Jesus, is enige siel alles werd, want Hy het vir hulle gesterf – en vir u.

Miskien is u nie voorbereid om vandag u opofferende offergawe te gee nie, of u wens dat u meer gehad het om op te offer. U kan u opofferende offergawe enige tyd gee. Skryf net "Jaarlikse Opoffering" op u elektroniese of gereelde offergawekoevertjie en handig dit in voordat God se oortuiging mag vervaag.

In Hebreërs 13:16 sê Paulus dat God ‛n welbehae het in opofferings. Laat ons dus die Here vra om ons offergawes van opoffering te seen sodat dit kan vermeerder om Wêreld Sendingbaanbrekers te help om die onbereiktes te bereik.

**Sabbat 46**
**18 November 2023**

## V.S.A. - Alaska: God se Geskenk van Lig

Sammy het op sy bed gesit en die aandskemering van Alaska dopgehou. 'n Harde klop het die aankoms van sy ouers se dronk vriende aangekondig. Sammy se hart het hard geklop en hy het sy ore toegedruk en probeer om die geraas in die aangrensende vertrek te ignoreer. Dit was nie lank nie voordat 'n geskreeu in die woonkamer gehoor kon word. Stoele het oor die vloere geskraap, en vuiste het koppe getref. Sammy kon die geraas nie verdra nie. Toe het moed deur sy liggaam gepomp. *Nie vanaand nie!* Het Sammy gedink. *Ek gaan hier uitkom!* Sammy het sy jas en stewels gegryp en deur die skare gedruk by die deur uit.

Die koue lug het teen sy wange geprikkel terwyl hy sy jas aangetrek het en met die grondpad afgestap het. *Waarheen kan ek gaan?* het hy gewonder. Onder in die pad het hy 'n huis gesien wat se portaallig aan was. Hy het die huis herken as die huis van die nuwe Bybelwerkers. Hy het gehoor dat die paartjie hulle huis oopstel vir kinders om te kom speletjies speel en na Bybel-stories te luister. Die klank van kinders se gelag het in die lug weergalm.

Sammy het gewonder of hy behoort te stop of aan te hou om te loop. Hy het stadig na die deur geloop, geklop en teruggestaan, gereed om te hard-loop, indien nodig. Die deur het oopgegaan en 'n glimlaggende vrou het hom ingenooi. Sammy het ingestap en op 'n kombers by 'n ander seun gaan sit. Terwyl hy na die storie geluister het, het Sammy besef dat daar 'n ander manier van lewe was waar hy nie bang hoef te wees nie. Hy het geluister soos wat die storie van die wyse manne ontvou het. Later, terwyl hy teruggestap het huistoe, het hy besef dat, net soos die wyse manne 'n helder ster gevolg het en die Messias gevind het, hy vanaand die helder portaallig gevolg het en 'n veilige plek gevind het waar hy net 'n kind kon wees.

Mense wat in Arktiese Alaska woon, het sommige van die hoogste dwelm- en alkholol misbruik en selfmoordsyfers in die V.S.A. Sammy is een van baie jongmense wie se lewens verander het deur die Bybelwerkers se bediening in die afgeleë dorpies van die Arktieka. God het die Arktiese Sending personeel geroep om die lig van Jesus te laat skyn in 'n donker en uitdagende wêreld.

Deel van ons *Belofte* offergawes ondersteun gereeld die bediening om om te gee vir die kinders van Alaska deur die werkers wat soek om hulle daar vir Jesus te bereik en in 'n soortgelyke bediening rondom die wêreld. (Afgesonderde inheemse dorpies is in 'n streek van Alaska wat afgesonder is en nie per pad of boot bereik kan word nie.)

**Tandi Perkins** is die direkteur van ontwikkeling vir Arktiese Sending Avontuur by die Alaska Konferensie van Sewendedag-Adventiste, V.S.A.

**Sabbat 47**
**25 November 2023**

## Ongenoemde Land: Satan Kon Haar Nie Aanraak Nie

Toe Sarah se man haar ‘n hele paar jaar gelede verlaat het, moes sy werk om haarself te onderhou. Sy het nie geweet waar om vir werk te soek nie, en daarom het sy gebid vir leiding. God het haar beïndruk om Sy Woord met haar bure te deel. Sarah het begin om haar bure te besoek. Sy bid vir die siekes, en hulle word gesond. Sy bid vir bevryding van bose geeste en die geeste vlug.

Baie is bly wanneer Sarah hulle besoek. Ander wil haar egter nie in hulle huise hê nie. Eendag het Sarah ‘n gesin besoek wat hulle afgod aanbid het. Hulle het geëis dat sy saam met hulle moes aanbid, maar sy het geweier. ‘n Jong vrou het kwaad geword vir Sarah en Sarah se hand in ‘n pot kokende olie gedruk. Sarah het egter haar hand uit die olie getrek, en dit was nie gebrand nie.

Die volgende dag het ‘n jong vrou se vader Sarah besoek om omverskoning te vra. Hy het vir haar gevra om vir sy gesin te bid. Sarah was bly om vir hulle te bid. Vandag is hierdie gesin Christene. Ander wat Sarah se ontsnapping uit die kokende olie gesien het, het ook gevra vir gebed.

Toe die plaaslike Adventiste predikant gehoor het van Sarah, het hy vir haar ‘n werk aangebied as ‘n Wêreld Sendingbaanbreker en Sarah het dit met blydskap aanvaar.

Sarah hou aan om gesinne in haar gemeenskap te besoek. Sy bid saam met hulle en deel leesstof uit oor Jesus. Op Sabbatte, nooi sy ‘n groep vroue om in haar huis te aanbid, en op Woensdae hou sy ‘n Bybelstudie.

Sarah help die weduwees en weeskinders in haar stad. Alhoewel sy net ‘n klein vergoeding ontvang vir haar werk, is dit nie baie nie. Sarah doen egter al wat sy kan om in die geestelike en fisiese behoeftes van die armes en vaderloses te voorsien deur voedsel, klere, en hoop te voorsien. En God voorsien altyd.

Sarah is nie kwaad dat haar man haar gelos het nie. Sy sê, “God is my Vader; Hy is altyd by my. Hy gee my krag om mense aan Jesus voor te stel en vir hulle te sê dat God binnekort gaan kom. God sorg vir my. Ek wil gereed wees wanneer Jesus kom, maar ek wil ook hê dat ander gereed moet wees om Jesus te ontmoet.

Ons kan Sarah ondersteun en honderde ander Wêreld Sendingbaanbrekers deur vir hulle te bid en deur gereeld ons *Belofte* offergawes te gee, wat verdeel word soos voorgestel deur die Gekombineerde Offergawe Plan wat alle goedgekeurde sendingprojekte van die kerk rondom die wêreld eweveel ondersteun, insluitende baanbrekers wat die goeie van Jesus se liefde en spoedige wederkoms deel.

**Sabbat 48**
**1 Desember 2023**

## Belize: Die Klein Predikers

Jaheel en sy vriend Joseph is agt jaar oud en woon in die land van Belize in Sentraal Amerika. Die seuns hou daarvan om daar te woon, omdat hulle so baie plekke het om te verken. Hulle kan gaan swem saam met die visse in die oseaan. Of hulle kan in die woud gaan stap om die diere te sien. Somtyds kan hulle selfs 'n antieke uitgekerfde klip vind wat daar gelaat is deur die mense wat honderde jare gelede daar gewoon het.

Joseph en Jaheel gaan skool in suidelike Belize. Hulle hou daarvan. Gedurende pouse hardloop die kinders na buite om te gaan speel. Die seuns geniet albasters, en die meisies hou daarvan om tou te spring. Hulle studeer vakke soos Wiskunde, Engels, Spaans, Geskiedenis, en Bybel. Jaheel en Joseph hou daarvan om die Bybel te studeer. Daar is so baie mooi stories om te lees. Hulle hou ook daarvan om te preek.

Somtyds vra die onderwyser vir Jaheel om 'n kort preek te lewer aan die ander studente gedurende godsdienstyd. Wanneer hy preek, vra hy altyd vir Joseph om vir die klas te sing. Joseph is 'n goeie sanger. Jaheel raak bietjie senuweeagtig wanneer dit tyd is om voor 'n groep te praat, maar hy weet dat God hom sal help. Hy kom dus voorbereid met notas. So gou as wat die onderwyser Jaheel en Joseph aan die klas voorgestel het, voel Jaheel nie meer senuweeagtig nie!

"Ek hou daarvan om te preek oor die stories wat ek in die Bybel gelees het," sê Jaheel. Die ander kinders luister aandagtig na die lesse, en somtyds vra hulle vrae nadat ek klaar is. Ek voel goed dat ek dele van God se Woord met die ander studente kan deel. Die predikant by my kerk het vir my gesê dat ek binnekort by my kerk kan preek! Ek sal seker maak om Joseph te nooi om daar te kom sing! Miskien sal ek eendag 'n predikant wees, maar ek moet eers skool klaarmaak."

Daar is baie kinders in Belize wat die Here liefhet net soos Jaheel. Bid asseblief vir die kinders in die Adventiste skool sodat hulle sal opgroei en weet wat God wil hê wat hulle moet doen.

Elke Adventiste skool is 'n sendingveld. Duisende kinders weet nooit van Jesus nie todat hulle in 'n Adventiste skool inskryf en stories van Jesus en Sy liefde studeer. Ons kan 'n deel hê om kinders en volwassenes te leer van God se liefde wanneer ons ons tiendes en ons *Belofte* offergawes elke Sabbat na God bring. Kom ons onthou dat ons gereelde *Belofte* offergawes – wat aan God gegee word as 'n persentasie van ons inkomste – help om sending skole in meer as 100 lande te bou en te onderhou.

**Sabbat 49**
**9 Desember 2023**

## Filippyne: Die Buffel en die Bybelwerker

Jerry is ʽn boer wat naby Sebu Meer in sentraal Filippyne woon. Die land is ryk en kweek oorvloedige vrugte en groente, en Sebu Meer voorsien oorvloedig vis vir die mense.

Jerry en sy waterbuffels bewerk die lande tot omtrent 2:00. Dan rus sy buffels en Jerry begin sy tweede werk: om die Bybel sam met sy bure te bestudeer.

Jerry woon onder die T'boli mense, ʽn stam met ʽn unieke taal en kultuur. Hulle verwelkom Jerry om God se boodskap saam met die stam te leer. Jerry was opgelei as ʽn Bybelwerker deur ʽn predikant wat hom twintig jaar gelede na Christus gelei het en hom geleer het om Bybelstudies te gee.

Jerry het vir jare gesukkel met ʽn skerp pyn in sy sy. Hy het na ʽn dokter gegaan wat vir hom gesê het dat hy ʽn operasie nodig gehad het, maar Jerry kon nie die operasie of die medikasie wat hy nodig gehad het, bekostig nie. Hy het slegs een opsie gehad: Hy sou sy waterbuffel moes verkoop om vir die operasie te betaal. Die buffel was waardevol; dit het hom gehelp met sy werk in die lande en om geld vir sy gesin te verdien. Sonder die buffel sou Jerry nie sy lande kon bewerk en sy gesin kon voed nie. Dit het Jerry hartseer gemaak. Hy het geen ander manier gesien om die pyn te oorwin en sy gesondheid terug te kry nie.

Jerry het ʽn Adventiste predikant ontmoet en besluit om die situasie aan God oor te gee. Toe die predikant hom kom besoek het, het Jerry gevra om gedoop te word.

"Toe ek uit die water opgekom het na die doop, was my pyn weg. Ek het nog nie weer enige pyn gehad daarna nie! God het my genees," het Jerry gesê. "Ek het nie nodig gehad om my buffel te verkoop nie! Ek was in staat om aan te hou met boer en vir my gesin te voorsien."

Sedertdien het Jerry ʽn toegewyde Bybelstudent geword, wat saam met ander Bybelwerkers werk wat gretig is om die Adventiste boodskap met die T'boli mense te deel. Die geesdriftige Bybelwerkers groei in getal, maar hulle het nog steeds nie genoeg om te voorsien in die behoefte aan werkers naby Sebu Meer nie. En hulle het ʽn opleidingsentrum nodig waar hulle as ʽn groep die waarhede van God kan leer. Daar is meer T'boli mense wat gretig is om die evangelieboodskap te hoor as wat daar opgeleide Bybelwerkers is. Terwyl u u gereelde *Belofte* offergawes gee, bid asseblief vir die mense wat in die Sebu Meer gebied woon, sowel as die Bybelwerkers wat hulle God se waarhede moet leer.

**Sabbat 50**
**16 Desember 2023**

## **Ongenoemde Land**: **Breek die Vloek**

Sunny***** is 'n Waldenser, 'n Wêreld Sending projek waarin jong Adventiste woon, studeer en dien by 'n sekulêre universiteit in die Midde-Ooste of Noord-Afrika. Hierdie studente maak vriende terwyl hulle studeer en deel stilweg met hulle die boodskap van verlossing in Jesus.

Sunny het Salma ontmoet, 'n plaaslike student wie 'n lid is van 'n nie-Christen gesin. Die twee meiseis het vriende geword. Salma het geleer dat haar nuwe vriendin 'n Adventiste Christen is. Salma was geleer om baie versigtig te wees vir Christene, maar Sunny het so vriendelik en eerlik gelyk.

Soos wat hulle vriendskap gegroei het, het Salma Sunny se uitnodiging aanvaar om Vrydagaande se byeenkomste by te woon by Sunny se huis. Salma het daarvan gehou om ander Adventiste te ontmoet en het hulle vriendelike gesprekke geniet. Na aan die einde van die skooljaar het Sunny vir Salma uitgenooi om 'n Adventistekerk te besoek waar byna almal wat bygewoon het, internasionale studente was.

Salma het die byeenkomste geniet. Haar ouers het egter gehoor dat sy 'n Christelike kerk bywoon. Hulle het haar gewaarsku dat hulle almal vervloek sou word indien sy 'n Christen word. Salma het egter aangehou om die kerk by te woon. Spoedig het Salma gevra vir Bybelstudies. Die meisies het die Bybel weekliks gestudeer, maar Salma was nog steeds bekommerd dat haar gesin vervloek sou word indien sy 'n Christen sou word.

Toe een Sabbat het die groep deelgeneem in 'n peinsende aktiwiteit waarin elkeen een kaart moes neem en die Bybelteks daarop moes lees. Salma se kaart het gelees: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Handelinge 16:31).

Salma het besef dat sy nie bekommerd moes wees oor 'n vloek wat op haar en haar gesin sou kom nie. Sy het opgestaan en met 'n bewende stem gesê dat sy Jesus as haar Verlosser wou aanvaar en gedoop wou word! Sunny en Salma het van vreugde gehuil.

Ondervindings soos hierdie het Sunny geïnspireer om aan te hou om as 'n Waldenser student te dien. "Ek sal in die Midde-Ooste bly om vriendskappe met mense soos Salma te ontwikkel. Dit is 'n goeie manier om die harte van mense in hierdie streek aan te raak wat nie vir Jesus ken nie."

Deel van ons *Belofte* offergawes help om studente soos Sunny te ondersteun, op te lei, en Waldenser studente soos Sunny na universiteite in die Midde-Ooste en Noord-Afrika te gaan om te dien. Ons kan diegene ondersteun wat dien deur ons getroue *Belofte* offergawes te gee.

*****Die name is verander om die identiteit van die jong vroue in hierdie storie te beskerm.

**Sabbat 51**
**23 Desember 2023**

### Burundi: Beste Vriende

Larissa, agt, en Rosette, sewe, is beste vriende. Hulle woon in die land van Burundi in oostelike Afrika.

Larissa en haar gesin is Adventiste. Eendag terwyl die meisies saam gespeel het, het Larissa se moeder haar dogter huistoe geroep vir gesins-godsdiens. "Kom saam met my!" het Larissa vir Rosette genooi. "Ons gaan gesinsgodsdiens hou." Rosette het nie geweet wat gesinsgodsdiens was nie, maar sy het in elk geval gegaan. Larissa se gesin het ‛n lied van Jesus gesing en toe het Moeder ‛n Bybelstorie gelees, en hulle het almal gebid.

"Ek hou van gesinsgodsdiens," het Rosette gesê. "Mag ek weer kom?"

"Natuurlik kan jy!" het Larissa gesê. "Sal jy daarvan hou om saam met my Sabbatskool toe te kom op Saterdag?" Op Sabbat het Rosette en Larisssa saam kerktoe geloop. Rosette het daarvan gehou om liedjies van Jesus te sing en Bybelstories te hoor. Daardie aand het Rosette vir haar ouers vertel van Larissa se Sabbatskool. Haar ouers was bly dat sy van God geleer het.

Rosette het omtrent nooit Sabbatskool gemis nie. Sy het haar ouers genooi om saam met haar Sabbatskool toe te gaan. Haar vader het nie gegaan nie, maar Moeder gaan wanneer sy nie ‛n klas op Sabbat het nie.

Rosette was opgewonde. "Ek is so bly dat jy gekom het, Mamma!"

Rosette wou hê dat haar gesin saam moes bid soos Larisssa se gesin. Moeder het Rosette laat uitlei in die gesinsgodsdiens. Toe eendag het Moeder ‛n verrassing vir Rosette. Sy het besluit om by die kerk aan te sluit.

Rosette se vader woon nie kerk saam met die gesin by nie, maar Rosette weet dat indien sy vir hom bid en ‛n gehoorsame en vriendelike dogter sou wees, haar vader eendag ook van Jesus sou wil weet.

Om God met ander te deel, is ‛n belangrike deel van aanbidding van God. Kinders kan dit doen, en so kan volwassenes. Dit is ons voorreg om te bid tot God oor al ons bekommernisse. En dit is ook ons voorreg om aan God ons tiendes en sistematiese offergawes, genoem *Belofte,* te gee elke keer wat ons geld verdien. Wanneer ons vir God ons tiendes en *Belofte* offergawes gee, beloof God dat Hy in ons behoeftes sal voorsien, na *Sy* rykdom, nie ons armoede nie (Fil. 4:19). Op daardie manier kan ons fokus daarop om vir God te gee sodat volwassenes en kinders rondom die wêreld kan leer van Jesus. Laat ons hierdie week fokus om ons offergawes met Jesus te deel en ons geloof in God met ‛n vriend.

**Sabbat 52**
**30 Desember 2023**

## Ongenoemde Land: Geen Tyd vir Speelgoed Nie

Rishon en sy ouers het van die groot stad na 'n klein dorpie op 'n berg verhuis om die mense van Jesus te vertel. Rishon het baie speelgoed gehad, en sy ouers het met hom daaroor gepraat om sommige van dit weg te gee. "Jy sal besig wees in ons nuwe huis om ons te help om ander van Jesus te vertel," het sy vader gesê. "Jy sal nie baie tyd hê om te speel nie."

Rishon het gehou van die idee om sy speelgoed met ander kinders te deel, en die kinders was opgewonde om dit te ontvang. Rishon was gelukkig om te sien hoe bly hulle is; dit het goed gevoel om iets vriendelik vir ander te doen.

Spoedig was Rishon se gesin ingeburger in hulle nuwe huis. Rishon was regtig baie besig in sy nuwe huis. Sy ouers het hom sy skoollesse by die huis geleer. Wanneer Rishon nie gestudeer het nie, het hy dit geniet om in die gesin se tuin te werk. Soos wat sy hande onkruid uitgetrek het, het hy Bybelversies gememoriseer.

Die dorpskinders het Rishon se vriende geword. Hulle het gesien dat hy 'n vriendelike en saggeaarde seun was. Hulle het daarvan gehou om Rishon in sy huis te besoek. Rishon het kerk gespeel met die kinders en die kinders aan Jesus voorgestel. Hy het hulle vertel van mense wat in Bybeltye geleef het soos Adam en Eva, Noag en die ark, Dawid en Goliat, en Daniël in die leeukuil. Hy het vir hulle vertel dat Jesus aan die kruis gesterf het sodat almal wat in Hom glo vir ewig saam met Jesus kan leef. Hy het vir hulle gewys hoe om tot Jesus te bid. "Liewe God," het hy gesê. "Dankie dat U ons beste Vriend is. Gee asseblief vir ons 'n hart van liefde vir U en vir ander. In Jesus se naam, Amen."

Die kinders het vir hulle ouers die Bybelstories vertel wat Rishon vir hulle geleer het. Sommige van die ouers het Rishon se ouers gevra om hulle van Jesus te leer.

Rishon mis nie die speelgoed wat hy weggegee het nie. Hy het geleer dat indien God vir ons vra om iets op te gee, ons kan weet dat "wat Hy ook al van ons vra om oor te gee, is net die dinge waarsonder ons beter daaraan toe is" (Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap, bl.* 300). Hy is ook te besig om sy vriende van Jesus te vertel.

Ons kan ook ons bure van Jesus vertel. Wanneer ons God eerste stel, sal mense rondom ons die verskil in ons lewens sien. En soos wat ons God aanbid met ons tiende en *Belofte* offergawes, sal ons harte vrygemaak word van dinge van die wêreld en met God en Sy ewige plan vir ons, gekoppel word.

## Oor die Skryfster

**Charlotte Ishkanian** het op 'n klein plasie in Oregon, Verenigde State van Amerika, opgegroei. Haar gesin was nie finansieel welaf nie en het haar geleer om versigtig te wees met geld. Sy het die Universiteit van Oregon bygewoon, waar sy beide 'n graad en meestersgraad verwerf het. Op haar graduasie dag, het sy gekies om haar graduasie te mis om in die Sewendedag-Adventistekerk gedoop te word. Spoedig na haar graduasie het sy 'n oproep aanvaar om by die Wêreldkonferensie te gaan werk vir *Liberty* Tydskrif. Dit was nogal 'n uitdaging om oor die land te verhuis ver van haar familie af. Sy het drie jaar later getrou en uiteindelik drie kinders gehad. Sy het dit geniet om deeltyds te werk in verskillende redaksionele posisies terwyl sy haar kinders groot gemaak het, en dan terug te keer na voltydse werk as assistent-redakteur van die Volwasse Bybelstudie Gidse.

In 1993 het sy die posisie as redakteur van die *Sending* kwartaalblaaie vir volwassenes, tieners, en kinders, aanvaar en die "Verborge Geskiedenis Stories" wat in die Volwasse Studiegidse verskyn het. Haar kinders was tieners en jong volwassenes en het nie omgegee om die huis te versorg in haar afwesigheid wanneer sy na 150 lande rondom die wêreld gereis het om stories bymekaar te maak oor hoe God in mense se lewens gelei het nie. Sy beraam dat sy ongeveer 2,500 sendingstories geskryf het. Nadat sy as redakteur van *Mission* vir 20 jaar gedien het, het sy afgetree by die Wêreldkonferensie maar aangehou om skryfopdragte te aanvaar.

Dwarsdeur haar lewe het Charlotte daarvan gehou om te aanbid deur om te gee, selfs wanneer daar min geld beskikbaar was. God het, in antwoord, haar baie geleer om te vertrou en te gee. Hy het inderdaad nooit versuim om vir haar en haar kinders te voorsien nie, veral na haar man se vroeë afsterwe terwyl haar kinders nog in Adventiste skole was. Een van haar geliefkoosde tekse is "En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus" (Fil. 4:19).